

Vyf waarnemings oor die Suid-Afrikaanse manlikheid-in-krisis-fenomeen

Susann Louw

Susann Louw, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Die artikel fokus op die manlikheid-in-krisis-fenomeen soos ek dit ondersoek het in my PhD-studie¹ oor die vergestaltings van Afrikaanse manlikheid in Afrikaanse tydskrifte wat deur mans gelees word, van 2005 tot 2015. *Huisgenoot*, *Landbouweekblad*, *Sarie*, *Kuier*, *Weg!*, *Plaastoe* en *Intiem vir mans* is met hierdie doel bestudeer.

Genderverhoudinge word deur politieke, sosiale en ekonomiese veranderinge beïnvloed (Whitehead 2002:5; Alexander 2003:536). Gender as sosiale konstruksie impliseer dat die konstruksies van manlikheid deurlopend gevorm en verander word (Morrell 2001; Diamond 2002; Benwell 2003; Mikkola 2017).

Die term *manlikheid-in-krisis* verwys na mans wat onsekerheid of onstabiliteit ervaar, of 'n verandering ten opsigte van hulle magposisies beleef (Connell 2018; Viljoen 2008). Ook hou dit verband met die dikwels onbereikbare ideale waaraan mans hulself meet en waarvolgens die samelewing hulle beoordeel.

Tydskrifte speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van nuwe vergestaltings van manlikhede en kan gebruik word om die sogenaamde krisis te verwerk (Benwell 2003:7,8,14–5; Del Mar Rubio-Hernández 2010:69; McRobbie 1999:48), maar kan dit ook weerspieël.

Een van die doelstellings van my proefskrif was om vas te stel of die gekose tydskrifte se konstruksie van manlikheid lig werp op die sogenaamde Suid-Afrikaanse manlikheid-in-krisis. Hierdie aspek is die fokuspunt van hierdie artikel. Die studie vertrek vanuit 'n sosiaal-konstruktivistiese benadering en gebruik ATLAS.ti (gerekenariseerde programmatuur) as navorsingsinstrument, asook multimodale kritiese diskoersanalise. Gegronde teorie, manlikheid as konstruksie en genderteorie vorm saam die teoretiese raamwerk.

Daar is vyf waarnemings wat lig werp op die sogenaamde Afrikaanse manlikheid-in-krisis:

- 1) Alternatiewe maniere waarop mans die sogenaamde manlikheid-in-krisis kan verwerk, word waargeneem.
- 2) Die afwesigheid van veranderende genderidentiteite is 'n aanduiding van moontlike verskuiwings wat in die globale genderlandskap kan plaasvind.
- 3) Die heteronormatiewe uitbeelding van verhoudings skep 'n ideaal wat vir sommige mans onbereikbaar is en tot nuwe identiteitskrisisse kan lei.
- 4) Die Afrikaanse samelewing se verwagting dat mans 'n algeheel gesonde lewenstyl moet volg, veroorsaak dat mans druk ervaar in die strewe om aan die verwagtinge te voldoen.
- 5) Laastens kan die media se uitbeelding van verruimde genderrolle die lesers se verwerking daarvan vergemaklik.

Trefwoorde: Afrikaanse media; diskoersanalise; kritiese diskoersanalise; manlikheid; manlikheid-in-krisis-fenomeen; multimodale kritiese diskoersanalise

Abstract

Five observations about the South African masculinity-in-crisis phenomenon

The article focuses on the masculinity-in-crisis phenomenon as examined in the author's PhD study on the manifestations of Afrikaans masculinity in Afrikaans magazines read by men from 2005 to 2015. Magazines such as *Huisgenoot*, *Landbouweekblad*, *Sarie*, *Kuier*, *Weg!*, *Plaastoe*, and *Intiem vir mans* were studied for this purpose. It delves into how gender relations are influenced by political, social and economic changes, emphasising the idea that constructions of masculinity are continuously shaped and changed (Whitehead 2002:5; Alexander 2003:536). The term *masculinity in crisis* refers to men experiencing uncertainty or instability, often related to unattainable ideals set by society (Connell 2018; Viljoen 2008).

The aim of the research is to determine whether the construction of masculinity in the chosen magazines sheds light on the so-called South African masculinity in crisis. It employs a social constructivist approach, utilising ATLAS.ti software and a multimodal critical discourse analytical research method. Textual analysis methods allow for meaningful interpretations of discourse in a context. I adopt a multimodal critical discourse analytical approach, integrating insights from Kress and Van Leeuwen (2001), Bezemer (2012) and Jewitt (ed.) (2012). This approach examines how visual images and written text collaborate to convey messages, as seen in magazine articles. I analyse the data through multimodal critical discourse analysis – my synthesis of discourse analysis, multimodal discourse analysis and critical discourse analysis.

The theoretical framework of the article involves a multidisciplinary methodology, combining gender theory, various theories within masculinity studies, and grounded theory. This approach allows for a comprehensive understanding of the construction of masculinity in Afrikaans magazines and its relation to the phenomenon of masculinity in crisis.

The article discusses changes in masculinity, the emergence of new masculinities, and the phenomenon of masculinity in crisis, attributed to events such as the rise of feminist movements, global shifts away from traditional male roles, and changes in consumerism. These changes are seen globally and exacerbated by events like the world recession of 2007. In South Africa these changes are intertwined with socio-economic reforms post-apartheid, leading to a unique manifestation of masculinity in crisis.

Studies on masculinity have traditionally been less prevalent than studies on femininity, but there has been increased research since the 1990s (Reid and Walker 2005:1). South African studies have examined various contexts, including the portrayal of Afrikaans men in magazines, violence in mining environments, and the role of crime, sexuality and power (Dunbar Moodie, Ndatshe and Sibuji 1988; Hood-Williams 2001; Niehaus 2002; Gear 2007). Researchers like Stella Viljoen (2003; 2008; 2011; 2012; 2014) have focused on masculinity in magazines like *GQ*, *MaksiMan*, *Bl!nk* and *Scope*, highlighting the significance of magazines in shaping notions of masculinity.

Drawing heavily on the works of Judith Butler and other scholars in the field, the theoretical framework explores gender research and hegemonic masculinity. Judith Butler's (1990) definition of gender is foundational in gender research, viewing gender as performative rather than an inherent trait possessed by individuals. This perspective sees gender as enacted by individuals across various levels rather than as an intrinsic characteristic (Butler 1990:9,10,24).

Hegemonic masculinity, as traditionally conceived, revolves around the subjugation of women and the denigration of homosexual men. Scholars like Cleaver (2002:7), Visagie (2004:20) and Hearn (2005:57) define *hegemonic masculinity* as the dominant manifestation of gender practices that maintain a higher social position for certain groups of men, regardless of the gender with which the oppressed identify. It is characterised by the maintenance of dominant positions by men over marginalised groups, reflecting prevailing societal norms and values.

Connell (1995, 2005) describes hegemonic masculinity as both the dominant form of masculinity and the means by which men uphold their dominant position. It serves as the idealised image toward which a group of men aspires, representing the epitome of masculinity within a given society. However, hegemonic masculinity is not static; it evolves over time and varies across different social contexts.

In addition to hegemonic masculinity, Connell (2005:78–81) outlines three other approaches to masculinity within gender systems: subordination, complicity and marginalisation. These approaches shed light on the diverse ways in which masculinity is constructed and experienced within specific contexts and relationships, providing insights into the fluid and dynamic nature of masculinity.

The concept of masculinity in crisis refers to the anxieties and uncertainties experienced by men due to the undermining of traditional male gender roles. This phenomenon can manifest both externally, in perceived threats to men's positions in families or communities, and internally, through emotions such as insecurity and powerlessness. Men experience this crisis across various domains, including work, education, violence, family, sexuality, health and representation (Edwards 2006:7–8, 8–16).

Scholars like Viljoen (2008) and Connell (2018) discuss the shifts and disruptions in masculinity, reflecting changes in societal norms and structures. They argue that while masculinity may not be in crisis *per se*, there are disruptions within the gender system that lead to uncertainty and instability for men, particularly as traditional roles evolve.

The theoretical frameworks of Wiegman (2002) and Anderson (2009) contribute to understanding masculinity by examining alternative constructions and inclusive approaches to masculinity. Wiegman's (2002) first approach to masculinity rejects the normative association between gender and sex. This results in alternative or imagined masculinities (Wiegman 2002:50). By following this approach in analysis, alternative constructions of masculinity can be explored (Wiegman 2002:50–1). The second approach builds directly on Judith Butler's (1990) performative understanding of gender and rejects the direct connection between gender and genetic sex (Wiegman 2002:51), emphasising the performative nature of gender as action. The last approach provides space for masculinity to shift from the realm of bodily actions to identity development, fostering new and alternative types of masculinity not tied to traditional patriarchal and normative views of men (Wiegman 2002:51).

Anderson's Inclusive Masculinity Theory (IMT) examines evolving heterosexual masculinities, notably the acceptance of homosexual men in contexts like sports groups. It illuminates changing dynamics between men and their masculinities in social settings (Anderson and McCormack 2018:547). IMT assumes a decline in homophobia, leading to genuine shifts in masculine practices and fostering inclusive attitudes towards homosexual individuals (Anderson and McCormack 2018:549). This decrease in homophobia has reduced cultural homophobia and prompted younger men to question homophobic norms. IMT's relevance lies in its ability to prevent selective constructions of masculinity and accommodate social change, advocating for the combined use of theories to better understand gender constructions (Anderson 2009:32, 33). These frameworks allow for a more nuanced analysis of masculinity, considering social and contextual factors.

Overall, the theoretical framework provides a comprehensive overview, highlighting the multi-dimensional nature of masculinity and its construction within various social, cultural and historical contexts.

The article reveals five observations shedding light on Afrikaans masculinity in crisis:

- 1) alternative ways in which men cope with masculinity in crisis;
- 2) the absence of changing gender identities indicating potential shifts in the global gender landscape;
- 3) the heteronormative portrayal of relationships creating an ideal that some men find unattainable, leading to identity crises;
- 4) societal expectations for men to lead a generally healthy lifestyle causing pressure to conform; and
- 5) the media's depiction of expanded gender roles, acting as a facilitator in readers' processing of these roles.

In conclusion, the discourse surrounding Afrikaans masculinity in crisis has expanded, highlighting the media's crucial role in introducing alternative gender roles. From 2005 to 2015, Afrikaans publications depict Afrikaans masculinity as embracing diverse roles and openly

acknowledging failures. Despite a slow process, media portrayal of developing masculinities contributes to societal acceptance of new norms. Although Afrikaans media's portrayal of sexualities is limited, "boer" (farmer) Damian's inclusion in the reality TV show *Boer soek 'n vrou* (Farmer seeks a wife) signals progress. Coverage in magazines as well as on news platforms (Hough-Coetzee 2019; Lion-Cachet 2019; Van Zyl 2019; Du Toit 2020), highlights changing attitudes.

Keywords: Afrikaans media; critical discourse analysis; discourse analysis; masculinity; masculinity in crisis; multimodal critical discourse analysis

1. Inleiding

Die Suid-Afrikaanse samelewing is histories deur groot veranderinge gekenmerk, waarvan die oorgang van apartheid na 'n demokratiese bestel in 1994 moontlik die mees ingrypende was (Whitehead 2002:5; Reid en Walker 2005:1; News24 2013 en Vollgraaff 2015). Veranderinge wat die samelewing ten diepste raak, manifesteer volgens Whitehead (2002:5) en Alexander (2003:536) ook in onder meer veranderende genderverhoudings. Gender as sosiale konstruksie het die implikasie dat die konstruksies van manlikheid en vroulikheid ook voortdurend gevorm en gekonstrueer word (Diamond 2002; Mikkola 2017). In hierdie ondersoek is die fokus op die konstruksie van manlikheid, en spesifiek dan soos dit in Afrikaanse tydskrifte in die tydperk 2005 tot 2015 waargeneem is.

Daar is verskillende konstruksies van manlikheid en verskillende maniere vir 'n man om sy manlikheid uit te leef (Morrell 2001:433; Whitehead 2002:5; Benwell 2003:13; Reid en Walker 2005:1). Wanneer die term *man* in die artikel gebruik word, verwys dit na 'n individu wat 'n manlike geslagsorgaan het.² Wanneer 'n persoon as *manlik* beskryf word, beteken dit dat daardie individu identifiseer met eienskappe wat algemeen in 'n spesifieke periode met mans geassosieer word. *Manlikheid* verwys na die konstruksie van 'n soort gender, ongeag of dit tradisioneel as manlik beskryf sou word.

Die verskyning van nuwe vergestaltungen van manlikheid, soos die man wat huislike en gesinsverpligtinge met die vrou deel of die vrou se professionele doelwitte ondersteun, is een so 'n voorbeeld (Morrell 2001:3,32). Genderveranderinge het ook gelei tot die verskyning van die sogenaamde manlikheid-in-krisis-fenomeen, aangesien navorsing aantoon dat veranderinge in byvoorbeeld beroepsomgewings soms ten koste van mans plaasvind (Benwell 2003:14). Dit het dikwels 'n identiteitskrisis by mans tot gevolg. Dit gebeur ook wanneer mans ervaar dat hulle nie aan die samelewing se voorgestelde ideaal van manlikheid voldoen nie, met die gevolg dat hulle in hulself begin twyfel en 'n krisis ten opsigte van hulle identiteit beleef (Viljoen 2011:317). Die Suid-Afrikaanse manlikheid-in-krisis-fenomeen verskil wel van dié in ander kontekste, aangesien dit verband hou met sosio-ekonomiese hervorming en die gepaardgaande wetgewing wat tydens die demokratisering van Suid-Afrika 'n aanvang geneem het (Viljoen 2012:652).

Net soos die samelewing en gender, en so ook manlikheid as 'n sosiale konstruksie, in 'n interaktiewe verhouding met mekaar staan, staan die samelewing in 'n verhouding met die media waar hulle mekaar beïnvloed en weerspieël (McRobbie 1994:17). Hieruit volg die afleiding dat manlikheid en die media ook in 'n interaktiewe verhouding staan, waarbinne die media, of meer

spesifiek tydskrifte, verskillende vorme van manlikheid onder meer kan bevestig, kritiseer, weer-speël, herbevestig en/of ondermyn (Benwell 2003:16; Viljoen 2008:313).

Tydskrifte is 'n mediaplatform waardeur betekenis (waaronder manlikheid) gevorm en gekonstrueer word (McRobbie 1994:17; 1999; Sanger 2008:275). Tydskrifte speel dus 'n belangrike rol in die ontwikkeling van nuwe soorte manlikhede, deur eerstens die verskillende sigbare konstruksies van manlikheid in die samelewing uit te lig en tweedens verskeie vorme van manlikheid aan die lesers voor te hou (McRobbie 1999:48; Benwell 2003:7,8; Del Mar Rubio-Hernández 2010:69). Benwell (2003:14–5) meen dat mans onder meer tydskrifte kan gebruik om die “krisis” van manlikheid te verwerk.

Ek ondersoek die vergestaltungen van Afrikaanse manlikheid in Afrikaanse tydskrifte wat deur mans gelees word en tussen 2005 en 2015 gepubliseer is. Dit sluit vroue- en gesinstydskrifte in wat 'n groot aantal mans as lesers het. Met *Afrikaanse* verwys ek nie slegs na wit Afrikaanse manlikhede nie. 'n “Afrikaanse man” is vir die doeleindes van die artikel enige man wat Afrikaans magtig is en homself vereenselwig met die uitgebeelde Afrikaanse manlikhede in die Afrikaanse tydskrifte wat ondersoek word.

Huisgenoot (1916),³ *Landbouweekblad* (1919), *Sarie* (1949), *Kuier* (2009), *Weg!* (2004), *Plaastoe* (2015) sowel as *Intiem vir mans* (2006) is bestudeer. Dit is dus nie net manstydskrifte wat bestudeer is nie, maar ook tydskrifte wat as vroue- en gesinstydskrifte gesien word. Juis deur af te wyk van talle ander studies (Pope, Olivardia, Borowiecki III en Cohane 2001; Alexander 2003; Sanger 2008; Viljoen 2011), wat slegs een soort tydskrif bestudeer het, word die vertrekpunt van hierdie navorsing sowel as die potensieel kragtige aard daarvan sigbaar – laasgenoemde omdat hierdie keuse van tydskrifte ook die breër Afrikaanse samelewing se gestaltegewing aan manlikheid kan blootlê.

Een van die doelstellings van my proefskrif was om vas te stel of die gekose tydskrifte se konstruksie van manlikheid lig werp op die sogenaamde Suid-Afrikaanse manlikheid-in-krisis. Die artikel betrek slegs gedeeltes van die data-analise om waarnemings oor die manlikheid-in-krisis-fenomeen te staaf. Ten einde die manlikheid-in-krisis-fenomeen te bestudeer, word 'n sosiaal-konstruktivistiese benadering gevolg waarbinne gegronde teorie die werkwyse rig, en ATLAS.ti (gerekenariseerde programmatuur) as navorsingsinstrument gebruik word, asook multimodale kritiese diskoersanalise. Verskeie teorieë binne manlikheidstudies en genderteorie vorm saam die teoretiese raamwerk.

2. Veranderende manlikhede en navorsing oor manlikheid

Die verandering van manlikheid sowel as die verskyning van nuwe manlikhede in die negentigerjare in Suid-Afrika is reeds ondersoek (Reid en Walker 2005:1). Aan die begin van die nuwe millennium beleef Suid-Afrika die Mbeki-era, waartydens veral MIV/Vigs in die kollig geplaas word deur positiewe en negatiewe veldtogte asook die aansienlike bedrae wat aan die behandeling daarvan bestee word (Simelela en Venter 2014:250). In 2007/2008 versteur arbeidsonrus die openbare sektor en gewelddadige xenofobie word waargeneem (BBC News 2022). Die wêreldresessie van 2007 het 'n negatiewe invloed op verskeie lande (ook Suid-Afrika) se ekonomiese posisie (Joubert 2012:590). Teoretici soos Connell (2005) en Morrell (2001) meen dat die wêreldresessie 'n negatiewe effek op die manlikheid-in-krisis-fenomeen gehad het.

Die manlikheid-in-krisis-fenomeen is voor die jaar 2000 toegeskryf aan drie gebeurtenisse: die opkoms van feministiese bewegings, die globale afkeer van mans se tradisionele en patriargale optredes, sowel as die verbruikerswese se verskuiwing in fokus vanaf slegs vroue na sowel mans as vroue (Whitehead en Barret 2001:6). Connell (2005) en Morrell (2001) gaan verder deur te sê dat die manlikheid-in-krisis-fenomeen op globale vlak vererger is deur die wêreld-resessie, waardeur mans moontlik hulle werk kon verloor en dan nie as voorsiener sou kon optree nie. Verder word verskillende genderrolle wyer erken, onder meer aangedryf deur die wettiging van selfdegeslaghuwelike in Suid-Afrika (South African History Online 2017). Dit is duidelik dat die Suid-Afrikaanse samelewing, en so ook Afrikaanse manlikheid, ná die jaar 2000 deurlopend groot veranderinge ondergaan het. Die ondersoek na Afrikaanse manlikheid in tydskrifte wat van 2005 tot 2015 gepubliseer is, is dus 'n nuwe veld van ondersoek wat tot dusver nog nie ten volle ontgin is nie.

Volgens Alexander (2003:536) is manlikheid en die samelewing se invloed daarop globaal minder nagevors as wat die geval met vroulikheid is. Nietemin beklemtoon Morrell (2001:3–4) en Connell (2014:219) die verskeidenheid en groter hoeveelheid navorsing sedert die 1990's oor die konstruksie van manlikheid. Internasionale studies fokus veral op die konstruksie van manlikheid in die tydskrif *Men's Health* en verbind dit met 'n spesifieke tema en/of area soos advertensies of die verbruikerswese, die manlike liggaam en die uitbeelding van die ouer man (Alexander 2003:536; Del Mar Rubio-Hernández 2010:58,69; Ricciadelli, Clow en White 2010:69; Hurd Clarke, Bennett en Liu 2014:26–7).

Benewens Du Pisani (2004:80) se studie oor die uitbeelding van Afrikaanse mans in tydskrifte, letterkunde en geskiedenis, fokus ander Suid-Afrikaanse studies op verskeie ander kontekste, soos geweld in mynomgewings en tronke. Die rol van kriminaliteit, seksualiteit en mag wat betref die man se posisie in laasgenoemde ruimtes word bestudeer (Dunbar Moodie, Ndatshe en Sibuji 1988; Hood-Williams 2001; Niehaus 2002; Gear 2007). Stella Viljoen onderneem verskeie studies oor onderskeidelik *GQ*, *MaksiMan*, *Blink* en *Scope* en die konstruksie van manlikheid (Viljoen 2003; 2008; 2011; 2012; 2014). Buiten Viljoen se navorsing oor manlikheid en tydskrifte is daar ook studies gedoen oor die rol van tydskrifte in mans se lewens, die uitbeelding van vroue, homoseksuele mans, soorte manlikheid in tydskrifte sowel as die diskoers wat in Suid-Afrikaanse tydskrifte voorkom (Laden 2003; Stemmet 2005, 2009; Knaggs 2006; Sanger 2008; Sonnekus en Van Eeden 2009; Mohamed 2011; Pretorius 2013; Boonzaier 2014).

3. Navorsingsbenadering en teoretiese raamwerk

Kimmel, Hearn en Connell (2005:4) en Eric Anderson (2009:32–3) is van mening dat teorieë saam gebruik moet word om die meeste daaruit te put. Om hierdie rede maak ek gebruik van 'n multidissiplinêre benadering in my proefskrif wat uit die volgende teorieë, navorsingsmetodes en -instrumente bestaan: genderteorie, verskeie teorieë binne manlikheidstudies, gegronde teorie,⁴ multimodale kritiese diskoersanalise en ATLAS.ti-programmatuur.

Vervolgens word die teoretiese raamwerk uiteengesit waarin hegemoniese manlikheid, die konstruksie van manlikheid in die media, die manlikheid-in-krisis-fenomeen sowel as die inklusiewemanlikheidsteorie bespreek word. Die teoretiese raamwerk word eerstens gebruik om die konstruksie van Afrikaanse manlikheid te bestudeer en tweedens die verskillende temas relevant tot die manlikheid-in-krisis-fenomeen, asook om die verskuiwings binne die fenomeen te verduidelik.

3.1 Gendernavorsing en hegemoniese manlikheid

Judith Butler (1990:9, 10, 24) se definisie van *gender* word as seminale navorsing binne gendernavorsing beskou. Butler sien *gender* as 'n aksie wat deur persone op verskillende vlakke uitgevoer word, eerder as 'n eienskap wat deur persone besit word. Daarnaas sal verskillende manlikheidsteorieë in ag geneem word met die ontleding van manlikheid, alhoewel ek 'n same-smelting van al hierdie teorieë gebruik.

In die tradisionele opvatting van hegemoniese manlikheid staan die onderdrukking van vroue en verguising van homoseksuele mans sentraal (Milani 2015:1). Cleaver (2002) en Hearn (2005) ondersteun soortgelyke definisies van hegemoniese manlikheid. Hulle definieer dit as manlikheid en/of gendergebruike wat 'n hoër posisie as die onderdrukte (met ander woorde die gemarginaliseerde en “ander”) inneem, ongeag die *gender* waarmee die onderdrukte ook al identifiseer (Cleaver 2002:7; Hearn 2005:57). Hegemoniese manlikheid is die manifestasie van gendergebruike tekenend van die heersende tendense in die samelewing, en waardeur mans hulle heersende posisie teenoor die gemarginaliseerde groep handhaaf (Visagie 2004:20). Visagie (2004:20) verwys in die besonder na die belang van die woord *heersend*, aangesien hegemoniese manlikheid met tyd verander en aanpas by die aanvaarbare hegemoniese manlikheid op 'n gegewe tydstip.

Connell (1995; 2005:77) beskryf hegemoniese manlikheid as die heersende vergestaltung van manlikheid, asook die wyse waarop mans hulle dominante posisie behou. Terselfdertyd is dit ook die manlikheid waarna 'n groep mans streef en dit geld as die ideaalbeeld vir al die lede van daardie samelewing. Hegemoniese manlikheid kan dus beskryf word as die heersende vergestaltung van manlikheid, asook die wyse waarop mans hulle dominante posisie behou. Terselfdertyd is dit ook die manlikheid waarna 'n groep mans streef en dit geld as die kollektief vir al die lede van daardie samelewing. Hegemoniese manlikheid kan dus gesien word as 'n groep mans wat op 'n sekere stadium en in 'n sekere ruimte die leidende posisie opeis en handhaaf (Beynon 2002:16; Connell 2005:77). Morrell (1998:607) se verbinding van hegemoniese manlikheid aan die magselement van manlikheid is aanvullend tot Connell (2005) se definisie. Volgens Connell (2005:77–8) is die belangrikste eienskap van hegemoniese manlikheid, maar ook die kernelement van haar idee van manlikheid, die wisselvalligheid daarvan (Connell 2005:77–8). Net soos *gender* en manlikheid deur sosiale sisteme soos klas, ras, etnisiteit, opvoeding en geskiedenis beïnvloed word, staan hegemoniese manlikheid ook in verhouding daarmee.

Uit bostaande beskrywing word afgelei dat hegemoniese manlikheid 'n huidig aanvaarbare vergestaltung van manlikheid voorstel, maar dat dit te enige tyd deur vroue of enige *gender*-groep uitgedaag kan word. Hegemoniese manlikheid is dus nie 'n vaste of konstante tendens nie en verskil van area tot area en van tydvlak tot tydvlak (Connell 2018:9).

3.2 Connell se benaderings tot manlikheid

Bykomend tot bogenoemde hegemoniese manlikheid is daar drie benaderings tot manlikheid wat in *gendersisteme* voorkom, naamlik ondergeskiktheid (*subordination*), medepligtigheid (*complicity*) en marginalisering (*marginalisation*) (Connell 2005:78–81). Hierdie drie benaderings kan gebruik word om vergestaltungen van *gender* in 'n spesifieke konteks in 'n veranderende struktuur van verhoudings te ondersoek (Connell 2005:81).

Die eerste benadering, naamlik die ondergeskiktheidsbenadering, verwys na die genderverhouding tussen die heerser- en ondergeskikte mansgroepe. Die groep wat die meeste hierdeur beïnvloed word, is homoseksuele mans – alhoewel heteroseksuele mans en seuns ook geraak kan word – wat daaglik hierdie onderdrukking ervaar deur politieke en kulturele uitsluiting, openbare geweld en alledaagse diskriminasie (Connell 2005:78). Connell (2005:78) beskryf homoseksualiteit as die laagste vlak op die genderhiërargie wat meestal deur hegemoniese manlikheid verstoot word.

Die tweede benadering staan bekend as medepligtigheid. Hierdie benadering verwys na die groot getal mans wat voordeel trek uit die patriargale sisteem, maar hulle nie vereenselwig met die vereistes van hegemoniese manlikheid nie (Connell 2005:79). Daar is dus talle mans wat nie 'n patriargale huishouding afdwing nie, maar bevoordeel word deur die algemeenskaplike onderdrukking van vroue. Laasgenoemde groep mans is steeds medepligtig aan 'n patriargale sisteem, alhoewel hulle nie self tradisionele patriarge is nie (Connell 2005:79–80).

Die marginaliseringsbenadering verwys na die verhouding tussen manlikheid en ander sosiale faktore soos ras, klas en seksualiteit wat binne genderverhoudings verskil (Connell 2005:80). Connell (2005:80–1) dui aan dat “marginalisasie” nie die mees gepaste term is om na die verhouding tussen byvoorbeeld manlikhede in die laer en hoër klasse te verwys nie, maar dat die “gemarginaliseerde” groep, dit wil sê die “ander” – ongeag die sosiale faktor – altyd teenoor die outoritêre of hegemoniese groep sal staan. Sodoende kan beide dié groepe deel vorm van die ondergeskikte groep in 'n verhouding soos hier bo (Connell 2005:81).

Die belang en relevansie van bogenoemde benaderings lê op twee vlakke. Eerstens is die groepe wat gevorm word, beeldend van veranderende manlikhede in die samelewing. Tweedens kan hierdie benaderings en die verhouding tussen die verskillende genderkonstruksies meer insig verskaf in die onstabiele en veranderende konstruksie van manlikheid, soos Connell (2018:11; 2005:81) aandui.

3.3 Manlikheid-in-krisis-fenomeen

Nes daar verskillende konstruksies van manlikheid is, is daar ook verskeie vorme en weergawes van die sogenaamde manlikheid-in-krisis-fenomeen. Die fenomeen word veroorsaak deur die emosies van ang of vrees wat reeds ervaar word of ervaar gaan word, byvoorbeeld as 'n gevolg van die ondermyning van tradisionele manlike geslagsrolle (Jefferson 1994:10; Edwards 2006:7). Die manlikheid-in-krisis-fenomeen word in navorsing ewe veel aan manlikheid as konsep as aan mans se ervaring daarvan gekoppel. Edwards (2006:7–8) sê dat die manlikheid-in-krisis-fenomeen op twee vlakke afspeel – van buite of van binne (Edwards 2006:7–8). Die manlikheid-in-krisis-fenomeen van buite verwys na die persepsie dat mans hulle posisie in families of gemeenskappe of instellings laat vaar het, byvoorbeeld die verandering van die broodwinner- na die versorgerposisie, en daardeur hulle magposisies verloor het (Edwards 2006:8). Die krisis van binne verwys na die emosie wat die mans ervaar wanneer hulle die krisis beleef, byvoorbeeld onsekerheid en magteloosheid (Edwards 2006:8). Mans ervaar hierdie fenomeen in sewe areas, naamlik beroep, opvoeding, geweld, familie, seksualiteit, gesondheid en uitbeelding (Edwards 2006:8–16). Die algemeenskaplike krisis wat mans byvoorbeeld in hulle familie ervaar, is dat die stereotipiese vader- en broodwinnerrol ondermyn word deur die toenemende voorkoms van egskedings wat die kerngesin afbreek (Edwards 2006:12).

Mans se genderrol wat in die huis en/of beroepsomgewing verander, is een van talle moontlike redes vir die verskyning van die sogenaamde manlikheid-in-krisis-fenomeen, (Benwell 2003:14). Alhoewel daar sosio-ekonomiese en genderveranderinge in samelewings regoor die wêreld plaasvind, meen Gail Bederman (1995) en Tim Edwards (2006) dat daar nie genoegsame bewyse vir hierdie krisis is nie (Blayac, Conilleau, Delahaye en Quanquin 2011:6). Sally Robinson (2000:10–1) bestempel die diskoers rondom manlikheid-in-krisis as slegs 'n metode om 'n voortgesette gesprek oor manlikheid te voer (Blayac e.a. 2011:6–7).

Connell (2005:84) neem Robinson (2000) se gesprek verder deur terug te verwys na haar definisie van manlikheid, naamlik dat dit 'n vergestaltung en nie 'n sisteem is nie. Die term *krisis* kan slegs op 'n koherente sisteem van toepassing wees (Connell 2005:84). Na aanleiding hiervan redeneer Connell (2005:84) dat die vergestaltung van manlikheid nie 'n krisis kan beleef nie, maar dat manlikheid binne die gendersisteem ontwigting kan ervaar. 'n Gendersisteem, dit wil sê 'n sekere genderorde in 'n situasie of ruimte, kan krisisse beleef of 'n geneigdheid tot krisisse hê (Connell 2005:84). Gardiner (2002:7) en Connell (2005:84) verwys na bogenoemde ontwigting binne die manlike gender as die alledaagse kwessies wat mans ervaar, byvoorbeeld tradisionele rolle wat in 'n huishouding en werksplek verander, met die gevolg dat mans onseker is oor hulle algemeenskaplike rol in die samelewing (Ashe 2007:1). Vervolgens is dit van belang om te onderskei tussen sulke verskuiwings in die daaglikse leefwyse en krisistendense, soos bewegings wat die dominante posisie van manlikheid wil herstel, wat dan groter ontwigting van die genderorde tot gevolg het (Connell 2005:84).

Stella Viljoen, 'n vooraanstaande navorser in die uitbeelding van Suid-Afrikaanse manlikhede in manstydskrifte, eggo Jefferson (1994) se beskouing dat hierdie identiteitskrisis by mans voorkom wat nie aan die voorgestelde manlike ideaal voldoen nie en daarom twyfel ervaar en 'n krisis ten opsigte van hulle identiteit beleef (Viljoen 2008:154; 2011:317). Viljoen (2008:156) redeneer dat sommige mans hierdie verskuiwing (byvoorbeeld die verkleining van die patriargale verdeeldheid tussen man en vrou) van hulle identiteit negatief ervaar, terwyl ander mans dit eerder as 'n geleentheid vir die ontwikkeling van nuwe manlikhede beskou, byvoorbeeld mans wat as primêre versorger in 'n gesin optree. Hierdie verskuiwing in manlikheid het in verskillende gebiede uiteenlopende ervarings en uitkomste tot gevolg gehad, soos die volgende voorbeelde toon: Suid-Afrikaanse mans se swak gesondheidsgewoontes word op die voorgrond geplaas; Christen-mans ervaar onsekerheid oor hulle posisie in die huis en kerk, en swart mans word as gelyk met alle Suid-Afrikaners beskou (Viljoen 2008:157,160–1).

Beide Viljoen (2008) en Connell (2018) se beskrywings van die verskuiwing van en ontwigting in manlikheid stem ooreen met die reeds genoemde tendens rondom mans se globale krisis. Albei krisisse, ongeag die benaming daarvoor, weerspieël die man wat onsekerheid en onstabiliteit ervaar sowel as 'n verandering in magsgosisie in sekere situasies. Die Suid-Afrikaanse manlikheid-in-krisis word veral met geweld binne die huis, hoë verkrachtigingsyfers en die afwesige vaderfiguur geassosieer (Viljoen 2013:236; Salami en Okeke 2018). Die twee grootste verskille tussen die globale en die Suid-Afrikaanse beskouing van die krisis is eerstens die oorsprong daarvan, naamlik die verandering vanaf die apartheidsregime na 'n demokratiese Suid-Afrika, en tweedens dat Suid-Afrikaanse mans steeds die meerderheid magsgosisies in die privaat en openbare sferes beklee (Viljoen 2013:236). Ek stem saam met Viljoen (2013:236) se argument dat ongeag die tema van die krisis wat voorkom, daar deurentyd 'n herhaling van die diskoers van die manlikheid-in-krisis-fenomeen in nasionale sowel as internasionale kontekste is. Om hierdie redes verwys ek na die “verskuiwing in manlikheid” sowel as die manlikheid-in-krisis-fenomeen.

Verder vorm Wiegman (2002) se drie benaderings tot manlikheid deel van die teoretiese raamwerk, naamlik die afkeuring van die normatiewe verbintenis tussen gender en geslag. Eerstens word die aanname dat 'n individu van dieselfde gender as geslag is, deur hierdie beweging afgekeur. Dit het alternatiewe moontlike of verbeelde manlikhede tot gevolg (Wiegman 2002:50). Deur hierdie benadering in die ontleding te volg, kan alternatiewe konstruksies van manlikheid ondersoek word (Wiegman 2002:50–1). Die tweede benadering bou direk op Butler (1990) se performatiewe begrip van gender en verwerp die direkte verband tussen gender en genetiese geslag (Wiegman 2002:51). Dit beklemtoon dus die performatiewe aard van gender as 'n aksie. Die laaste benadering verskaf die ruimte waarbinne manlikheid vanaf die area van liggaamlike aksies na die area van identiteitsontwikkeling verskuif. Hierdeur word nuwe en alternatiewe soorte manlikheid ontwikkel wat nie aan die tradisionele patriargale en normatiewe beskouing van mans gekoppel kan word nie (Wiegman 2002:51). Beide Wiegman (2002) en Connell (2005) se benaderings tot manlikheid is van belang vir die ontleding van manlikheid, omdat dit ruimte laat om sosiale en kontekstuele faktore in ag te neem.

Laastens word Anderson (2009) se inklusiewemanlikheidsteorie (IMT) gebruik. Anderson (2009:7) beskou IMT as 'n wyse om veranderende heteroseksuele manlikhede in sekere kulturele omgewings te ondersoek. Sulke veranderinge verwys byvoorbeeld na die aanvaarding van homoseksuele mans in sportgroepe. IMT kan gebruik word om lig te werp op die veranderende verhoudings tussen verskillende mans en hulle manlikhede in sosiale omgewings (Anderson en McCormack 2018:547).

IMT is gebaseer op die aanname dat daar 'n afname in homofobie waargeneem kan word. Anderson en McCormack (2018:549) voer aan dat dit nie 'n oppervlakkige afname is nie, maar 'n werklike verskuiwing in die gebruike wat manlikheid aantoon. Op hierdie manier bring die afname in homohisterie⁵ ook nuwe en positiewe houdings teenoor homoseksuele individue na vore en word die tendens van inklusiewe manlikheid waargeneem (Anderson en McCormack 2018:549).

Die gevolg daarvan is dat kulturele homofobie verminder het en jonger mans homofobiese beginsels begin bevraagteken het. IMT is om twee redes relevant: Eerstens word IMT al hoe meer in studies oor manlikheid ingesluit, omdat sommige teoretici meen dat die uitsluitlike en oorgebruik van Connell se hegemoniesemanlikheidsteorie tot selektiewe konstruksies van manlikhede lei, aangesien hegemoniesemanlikheidsteorie nie voorsiening maak vir die sosiale veranderinge wat jong en tienerseuns ervaar nie (Anderson 2009:32,33; O'Neill 2015:104,106; Anderson en Magrath 2019:79). Tweedens kan ek sosiale verandering in ag neem en selektiewe konstruksies van manlikhede verhoed. Boonop stel Anderson (2009:32, 33) voor dat teorieë saam gebruik moet word om manlikheid te bestudeer, omdat die samestelling van verskillende sosiale teorieë die begrip van sosiale konstruksies van gender kan vergroot.

Bogenoemde raamwerke vorm die agtergrond waarteen die ondersoek plaasvind.

4. Navorsingsontwerp

Volgens Creswell (2009:23,24) kan 'n navorsingsontwerp uit verskillende metodes en instrumente bestaan. In my doktorsale studie het ek ATLAS.ti-programmatuur as navorsingsinstrument gebruik. Kwalitatiewe programmatuur soos ATLAS.ti word deur verskeie dissiplines gebruik

(Lewins en Silver 2014:10–1). ATLAS.ti is gebaseer op gegronde teorie (GT) en word gebruik om die navorser te help om kwalitatiewe ontledings uit te voer. GT behels sistematiese, induktiewe metodes wat gebruik word om kwalitatiewe navorsing (met teorie-ontwikkeling ten doel) uit te voer (Charmaz 2012:2–3,4). Hierdie doel sluit aan by die gekose kwalitatiewe navorsingsontwerp sowel as die teksanalitiese benadering deurdat die interpretasie van data om betekenis te vind, die gemeenskaplike deler tussen die teorie en navorsingsmetode is. Die gegronde-teoretiese en induktiewe lens skep die ruimte dat die stappe van ontleding aangepas kon word soos ontleding plaasvind.

Vir die doeleindes van hierdie artikel sal ek slegs die bespreking van die multimodale kritiese diskoersanalise (sien stap 5.V in Tabel 1) betrek om die waarnemings oor die Suid-Afrikaanse manlikheid-in-krisis-fenomeen te ondersteun.

Die gebruik van teksanalitiese navorsingsmetodes verwesenlik die ontleding van diskoers in 'n sekere omgewing wat tot betekenisvolle interpretasies kan lei. Ek het deurlopend 'n multimodale kritiesediskoersanalitiese benadering gevolg soos beskryf deur Kress en Van Leeuwen (2001), Bezemer (2012) en Jewitt (2012). Volgens Kress en Van Leeuwen (2001:46) werk die visuele beeld en geskrewe teks saam om 'n beeld of boodskap oor te dra en gevolglik is dit nodig om beide te bestudeer. Tydskrifartikels is voorbeelde van multimodale tekste, omdat dit uit beide teks (verbale modus) en foto's (visuele modus) kan bestaan (Kress en Van Leeuwen 2001:20). Ek ontleed die data deur multimodale kritiese diskoersanalise – my sintese van diskoersanalise, multimodale en kritiese diskoersanalise.

Hier onder word die stappe van die ontleding na afloop van die versameling van tydskrifte uiteengesit. In Tabel 1 is die beplande stappe in die linkerkantse kolom aangedui. Aangepaste stappe word in die regterkantse kolom gelys. Die stappe word in vyf oorkoepelende stappe verdeel. Dié artikel se bespreking bestaan uit die mees prominente bewyse – gebaseer op die besprekingshoofstukke in my proefskrif – om die waarnemings oor die Suid-Afrikaanse manlikheid-in-krisis-fenomeen te staaf.

Tabel 1. Stappe van analise

Beplande stappe	Stappe uitgevoer	Aangepaste stappe
1. Kies van tydskrifbydraes		
i. Lees en kies van tydskrifbydraes.	✓	
ii. Herlees van tydskrifbydraes.	✓	
iii. Skandeer van gekose tydskrifbydraes.	✓	
iv. Oplaai van tydskrifbydraes op ATLAS.ti.	✓	
2. Kodeerproses		
i. Ses oorspronklike kodes is geskep.	✓	
ii. Datasegmente is gemerk en dan aan kodes toegewys.	✓	
iii. Deurlopend word nuwe subkodes geskep.	✓	
iv. Friese (2016) se benadering tot die organisering van kodes is gevolg.	✓	

Bepaalde stappe	Stappe uitgevoer	Aangepaste stappe
v. Kodes is deurlopend gedefinieer vir konsekwentheid.	✓	
vi. Die notuleringsfunksie is deurlopend gebruik.	—	Die notuleringsfunksie is nie tydens die kodeerproses gebruik nie.
vii. Die kodeerproses se stappe is herhaal tot elke tydskrifinsetsel gekodeer is.	✓	
3. Konteks en visuele skemas		
i. Die kodeerproses word herlees om skematiese voorstellings in die vorm van vloediagramme op te stel.	✓	
ii. Internasionale en nasionale sosio-ekonomiese en politieke gebeurtenisse word op die vloediagramme aangedui wat moontlik met analise in ag geneem moet word.	✓	
4. ATLAS.ti-funksies		
i. 'n Netwerk vir elke hoofkode word geskep.	✓	
ii. Alle datasegmente is op die netwerk ingevoeg.	—	Datasegmente is nie op die netwerke ingevoeg nie.
iii. Die ondersoekfunksie is gebruik om gemeenskaplike datasegmente en kodes aan te dui.	✓	
iv. Aangeduide skakels is op die netwerke aangebring.	✓	
v. 'n Woordwolk van elke hoofkode word geskep.	—	Die woordwolkfunksie is nie gebruik nie.
vi. 'n Grafiek van Saamvoorkom-kodes van elke hoofkode word geskep.	✓	
5. Analise en bespreking		
i. Statistiek en agtergrond van elke hoofkode wat betref digtheid, gegrondheid en aantal toegekende datasegmente per tydskrif en tydskrifinsetsel word uitgelig. Hierdie inligting is 'n opsomming van stappe 4, I–VI.	✓	


Bepaalde stappe	Stappe uitgevoer	Aangepaste stappe
ii. Die aanvanklike data-analise begin deur elke datasegment wat aan die tema se hoof- en subkodes toegeken is, in die konteks van die tydskrifinsetsel te analiseer volgens substappe wat opgestel is uit 'n multimodale kritiese diskoersanalitiese benadering. • Hoofstuk 4: 4 substappe • Hoofstuk 5: Liggaam en seksualiteit ▫ Liggaam: 3 substappe ▫ Seksualiteit: 3 substappe • Hoofstuk 6: 3 substappe	✓	Die teksanalitiese werkswyse van elke tema verskil na gelang van die datastel se grootte en verskeidenheid.
iii. Resultate van die data-analise (die onderskeie substappe van elke hoofstuk) is herlees om gemeenskaplike temas te identifiseer en 'n grafiek op te stel.	✓	
iv. Die grafiek van die Saamvoorkom-kodes is gebruik om die bepaalde temas te ondersteun of te bevraagteken.	✓	
v. Die bespreking van die multimodale kritiese diskoersanalise (met die inagneming van relevante teorie en literatuur) word volgens die gemeenskaplike temas uiteengesit.	✓	

5. Multimodale kritiese diskoersanalise-bespreking

Die bespreking van die multimodale kritiese diskoersanalise (relevant tot die manlikheid-in-krisis-fenomeen) sal volgens hierdie temas bespreek word: sosiale verwagtinge aan mans gestel; alternatiewe reaksies op die manlikheid-in-krisis-fenomeen; 'n streng heteronormatiewe ideaal; afwesigheid van alternatiewe seksualiteite en die veranderende sosio-ekonomiese omstandighede.

5.1 Sosiale verwagtinge aan mans gestel

Manlikheid word in die artikels “Die groen en goud wink”⁶ en “Pas jou op, man”⁷ gekonstrueer om as aantreklik beskou te word as gevolg van hulle groot, maar sportiewe liggaamsbou. Bismarck du Plessis se fikse voorkoms word uitgebeeld en beklemtoon deur hom as groot (“114 kg”) met 'n gespierde liggaamsbou (Figuur 1) en as aantreklik (“nogal 'n goeie model uitmaak”) voor te stel. Beide die tekstuele en die visuele modus⁸ (Figuur 1) ondersteun die ideaal van aantreklikheid wat deur *Huisgenoot* voorgehou word, naamlik 'n fris liggaamsbou wat met dié van modelle ooreenstem en vir vroue aantreklik is. Hiermee saam weerspieël “Pas jou op, man” 'n negatiewe houding jeens mans se onaantreklike voorkoms as gevolg van ongesonde gewoontes: Die man “was ook nie juis ingenome oor [s]y groot maag nie [...] hy eet nou gesond ...” en hy het “20 kg afgeskud”. Die artikel stel dus gewigsverlies en 'n gesonde dieet gelyk aan aantreklikheid. Die insluiting van “die verkope van dieetpille aan mans [wat] die hoogte in geskiet [het]” dui ook op die verbruikerskultuur, en hoe mans ook meer drastiese metodes begin inspan om gewig te verloor en sodoende die voorgestelde ideale manlikheid te bereik.



Figuur 1. Bismarck du Plessis se fisieke voorkoms

In "Dit is 'n ware man ...",⁹ "Die nuwe 'superkêrel': 'n man über alles"¹⁰ en "Die Evas van Chris"¹¹ word manlikheid gekonstrueer as om 'n tradisionele "manlike" voorkoms in te sluit. Dit gebeur deurdat die man as "macho ... almal kan dit sien" en "groot manlike man[s]" beskryf word. Hierdie soort beskrywing koppel 'n hipermanlike ("macho") voorkoms waarmee fisieke krag en seksuele aptyt geassosieer word, aan manlikheid, wat Stibbe (2004:48), Connell (2005) en Van der Walt (2007) as 'n tradisionele beskrywing van hegemoniese manlikheid beskou.

Sarie se "Die Evas van Chris" gaan oor die rol wat vroue speel in die sanger Chris Chameleon se lewe. Chameleon vertel van verskillende vroue en mans vir wie hy hoë agting het. Die artikel konstrueer manlikheid as met 'n "groot" en "manlike" liggaam, soos wat met sportsterre geassosieer word. Verskillende sportsterre word genoem: "Lance Klusener, Joost van der Westhuizen, Schalk Burger", en hulle word as "groot manlike man[s]" beskryf. Na aanleiding hiervan kan die ideale soort manlikheid in die artikel getipeer word as gesteld op voorkoms, met die fokus op liggaamsgrootte en -bou. Buiten hierdie bewustheid sluit die gekonstrueerde manlikheid steeds die "tradisionele" hipermanlikheid in wat deel vorm van hegemoniese manlikheid (soos hier bo bespreek).

In die Opsitkers-rubrieke¹² word begeerlike manlikheid gekonstrueer om 'n beeld van 'n lang man in te sluit. Van die 89 verwysings na mans se gewig kom 63 in die Opsitkers-rubrieke voor. Daar is 39 verwysings na die lengte van mans, waarvan 32 in die Opsitkers-rubrieke voorkom. Dié tekstuele verwysings korreleer met die visuele modus (Figuur 2) waarin die "lengte in meter"- en gewig-in-kilogram-vereiste wat elke Opsitkers-deelnemer moet invul, sigbaar is.

✉ **MAAK SÓ**

Naam: _____

Adres: _____

Poskode: _____ Geslag: _____

Skulnaam: _____

Ouderdom: _____ Lengte: _____ (m)

Gewig: _____ (kg) Oë: _____

Hare: _____ Kerk: _____

Beroep: _____

☐ Geskel ☐ Weduwee ☐ Wewenaar ☐ Nooit getroud

Liefhebberye: _____

Soort penmaats verlang: _____

Handtekening: _____



Figuur 2. Opsitkers van 10 Junie 2011 se visuele modus

skat- tors- en rugby-soort nie. Nie rokers
nie. Weduwees ook welkom.
EENSAAM EN ALLEEN, VS: Hou
van kook, tuinmaak, die plaaslewe
en naaldwerk. Sy is 69, weduwee,
56 kg, met groen oë en bruinrys
hare. NGK. Verlang opregte, eer-
like blanke mans, 69 tot 72, wat nie
kansvatters is nie.

geselskap aan as jy wil. Die
skedokumente aangeheg word.
sterftewys – anders plaas
staat nie ingevul is nie.
die rubriek uiters gewild is en
ou briefie verskyn. Jou skrywe
g nie onder iemand anders se

0 per brief (ook met inbegrip van
andbouweekblad.
skoon koevert met net die per-
t verskyn het, in potlood daarop.
los standaardposseë aan Die
1802, Kaapstad 8000.
er as een maat skryf, waarin jy
en onthou die hanteringsgeld van
oor gebruik word.)
erdie diens gebruik nie.
g voor om oor die publikasie van

NAAM

ADRES

SKULNAAM

OUDERDOM

OË

KERK

LIEFHEBBERYE


SOORT PENMAATS V



Figuur 3. Opsitkers van 13 November 2009 se visuele modus**Figuur 4. Opsitkers van 22 Mei 2009 se visuele modus****Figuur 5. Opsitkers van 14 Desember 2007 en 18 November 2005 se visuele modus**

Boonop is daar 112 verwysings na die voorkoms van mans, wat enige verwysings na en beskrywings van mans se voorkoms insluit. Figuur 2 bevestig hierdie klem op voorkoms deurdat vyf van die vereistes met voorkoms verband hou. Die visuele modusse in Figuur 2 tot 5 wys ook dat die man altyd langer of dieselfde lengte as die vrou moet wees. Daarmee saam word voorbeelde van vroue se beskrywings van hulle ideale mans se lengte genoem: “[H]y moet lank wees”, “lang, donker mans” en “ouer en langer as ek”. Die meerderheid tekstuele verwysings dui aan dat vrouedeelnemers verkies dat mans tussen 1,7 en 1,8 meter lank moet wees. Hieruit word afgelei dat die Opsiters-deelnemers mans van tussen 1,7 en 1,8 meter verkies en voel dat die ideale man ten minste langer as hulle lewensmaat moet wees.

Die voorkeur vir lang mans word verder in “Goed, beter, Boris”¹³ voortgesit met die fokus op die suksesverhaal van die Hollywood-akteur Boris Kodjoe. Die artikel maak melding van sy lengte (“1.93 m in sy sokkies”) en beskryf die atmosfeer wanneer Kodjoe by ’n vertrek instap, naamlik dat “Boris ... maklik die aarde laat ophou draai wanneer hy by ’n vertrek instap”. Die visuele modus (Figuur 6) beklemtoon Kodjoe as ’n lang man, maar hou ook ’n bykomende element tot begeerlike manlikheid voor, een van selfversekerdheid wat gepaard gaan met ’n man van ’n sekere lengte.



Figuur 6. Visuele modus in “Goed, beter, Boris”

Die 39 verwysings na mans se lengte en die assosiasie wat geskep word tussen status en die waarde wat vroue daaraan heg, dui op die status wat (moontlike) lewensmaats aan lengte koppel. Sodoende word die suggestie dat lengte ’n element van begeerlike manlikheid is, versterk. Manlikheid word dus gekonstrueer as een waarbinne mans gestel is op hulle voorkoms (Jackson 1992:182, 202; Wiederman en Hurst 1998:273; Barber 2013; Thornton, Ryckman en Gold 2013:950), wat ook al die element – gewig, lengte of liggaamsgrootte – waaraan hulle die meeste


waarde heg. Die waarde wat aan lengte geheg word, skep dus 'n ideaal wat nie binne alle mans se bereik is nie.

Hierdie onbereikbare ideaal herinner aan Jefferson (1994) en Edwards (2006) se bewyse vir die eksterne manlikheid-in-krisis-fenomeen. Hulle meen dat die uitbeelding van onbereikbare ideale bydra tot mans se ervaring van ontoereikendheid. In hierdie geval voldoen nie alle mans aan die sosiale verwagtinge nie, naamlik 'n fisieke ideaal – hetsy 'n sekere lengte, gewig of liggaamsgrootte. Sodoende word hulle eie weergawe van manlikheid as onvoldoende beskou.


5.2 Alternatiewe reaksies op die manlikheid-in-krisis-fenomeen

Die spaarsamigheid en praktiese ingesteldheid van die man is 'n alternatiewe manier waarop Afrikaanse mans met die manlikheid-in-krisis-fenomeen omgaan. Dié uitbeelding het merendeels in *Landbouweekblad*- en *Weg!*-tydskrifte voorgekom.

In “Pluuskêre kry tweede lewe”¹⁴ word die boer se praktiese ingesteldheid beklemtoon: “[wie] se hande vir niks verkeerd staan nie en dat hy 'n man is wat kan raakvat”; “van kleintyd af liefde vir herstelwerk [het] en ... [dit sy] tweede natuur [is] om sy eie skêrtjies te versien” (Figuur 7). Die “Boer nader aan die natuur”-artikel¹⁵ handel oor die sukses van Human jr. as kenner van biologiese boerderymetodes sowel as die voor- en nadele daarvan. Manlikheid word hierin gekonstrueer om 'n suksesvolle beroepsposisie in te sluit. Dit vind plaas deur Human jr. se sukses in sy “presisieboerdery” te beskryf, naamlik “nader aan die natuur boer, hoe goedkoper en meer rooskleurig is jou toekoms”; “... hoe minder produksiemiddele het jy nodig en hoe beter lyk jou syfers”; en as “produksiemiddele só bestuur word, sal [die] opbrengs verbeter”. Die visuele modus (Figuur 8) is bydraend tot die beeld van 'n suksesvolle boerdery, aangesien die statistiek die verbetering in koringoeste aandui en 'n foto van die toerusting die tekstuele beskrywings daarvan bevestig. Sodoende word die leser oorreëde om ook van sulke tegnologieë en benaderings gebruik te maak as hulle dieselfde sukses wil ervaar.



Figuur 7. “Pluuskêre kry tweede lewe” se visuele modus



Figuur 8. Visuele modus in “Boer nader aan die natuur”

Bogenoemde boere baseer hulle keuse van produkte en/of dienste op die motivering dat dit praktiese sowel as kostebesparingsvoordele inhou. Hierdie tema van spaarsamigheid word deur die wêreldwye resessie wat vanaf 2007 in Suid-Afrika ervaar is, geëggo, aangesien beide bogenoemde artikels tussen 2007 en 2009 verskyn het waartydens ’n algemeenskaplike resessie geheers het (Elliott 2008). Die boere se verbetering en uitbreiding van hulle boerdery-metodes kan moontlik as ’n positiewe reaksie op die negatiewe omstandighede van die wêreldwye resessie beskou word. Dié positiewe reaksie is teenstrydig met Morrell (2001) en Connell (2005) se mening dat sulke omstandighede eerder ’n manlikheid-in-krisis-fenomeen tot gevolg sal hê. Volgens Morrell (2001) en Connell (2005) sou mans eerder ’n negatiewe reaksie daarop hê. ’n Voorbeeld van so ’n negatiewe reaksie sou gewelddadige optrede kon wees. Manlikheid word dus gekonstrueer om die temas van ’n spaarsamige ingesteldheid sowel as ’n praktiese geaardheid en gevolglike beroepsukses in te sluit.

Die boere maak gevolglik veranderinge in hulle boerderybenadering en besigheid as ’n reaksie op die situasie waarin hulle hulle bevind. Hierdie optrede stem ooreen met Viljoen (2011) se resultate dat die Suid-Afrikaanse manlikheid-in-krisis-fenomeen ’n positiewe of negatiewe reaksie op sosio-ekonomiese hervorming is. Die man volg ’n spaarsamige, praktiese en omgewingsbewuste benadering om ’n groter sukses te maak van sy besigheid en/of boerdery en dit kan as ’n positiewe gevolg van die manlikheid-in-krisis-fenomeen beskou word.

Gevolglik word manlikheid gekonstrueer om ’n praktiese, omgewingsbewuste en spaarsamige werkhouding in te sluit sodat mans aan die sosiale norm van beroepsukses kan voldoen.

5.3 Streng heteronormatiewe ideaal

In “Só speel jy ’n wegwedstryd”,¹⁶ “G’n boerebedrieër!”¹⁷ en “Blitsbokke se vonk”¹⁸ word heteroseksualiteit deurlopend as die norm uitgebeeld. In die kortverhaal “Só speel jy ’n wegwedstryd” soen ’n manlike karakter ’n meisie. In “G’n boerebedrieër!” word ’n heteroseksuele verhouding gesuggereer deur die uitdrukking “wil net in die bondel vry” te gebruik om die boer Eon van Aarde se optrede teenoor moontlike liefdesmaats te beskryf. Boonop word Van Aarde nie net in elke foto in die visuele modus saam met ’n vrou of vroue voorgestel nie, maar een foto (Figuur 9) beeld hom omring deur meisies uit. Laastens beeld *Huisgenoot* Cecil Afrika as ’n heteroseksuele man uit, aangesien die tydskrif slegs heteroseksualiteit as ’n opsie voorstel. Dit blyk uit die ekstra inligting (Figuur 10) genoem “Gunsteling”, waarin die tydskrif die glanspersoonlikheid uitvra oor sy gunstelingmusiek en -akteur byvoorbeeld, en of hy in ’n verhouding is (Figuur 10). Die tekstuele modus wys dat daar slegs die opsie van ’n heteroseksuele verhouding verskaf word: “**Meisies:** Nie nou in ’n vaste verhouding nie ...”



Figuur 9. Visuele modus in “G’n boerebedrieër!”



Figuur 10. Visuele modus in “Blitsbokke se vonk”

Die tydskrif is dus heteronormatief in “Dit is ’n ware man ...” waar die man in ’n heteroseksuele verhouding uitgebeeld word: “’n Ware man weet hoe om ’n vrou soos ’n ware vrou te laat voel ... dit sluit in haar skoonheid (innerlik en uiterlik), haar emosies (goed en sleg), haar verstand, vaardighede en talente.” Die “ware man” word as ’n heteroseksuele man wat die vroulike aard en psige verstaan, gekonstrueer. Sodoende word die beeld van die ideale heteroseksuele man (“ware man”) verruim om benewens die bespreekte vereistes ook hierdie eienskappe in te sluit.

Ook in “Wees die CEO van jou huwelik”¹⁹ word ’n heteroseksuele verhouding – die huwelik tussen man en vrou – as die voorkeurverhouding uitgebeeld. Dié artikel verskaf advies aan getroude mans wat druk ervaar om hulle vrouens en gesinne finansiële ondersteuning te bied. Die lesers ontvang die advies teen die agtergrond van ’n besigheidsomgewing. Deur die herhaling van “CEO” word die man op metaforiese wyse as die hoof van die verhouding uitgebeeld. Die keuse van die besigheidsomgewing weerspieël ook die normatiewe siening van die man in die openbare domein. Dit konstrueer ’n soort manlikheid wat ’n dominante posisie behels.

’n Heteroseksuele “huwelik” word in beide die visuele modus (Figuur 11), waarin die man en vrou mekaar vashou, en die tekstuele modus uitgebeeld, soos die beskrywing “intimiteit, passie, eenheid” aandui. Dié manlikheid word dus uitgebeeld as een wat ’n heteroseksuele verhouding, ongeag of albei partye gelukkig is, insluit. Deurdat die paartjie as gelukkig in Figuur 11 uitgebeeld word, soos die intieme greep en glimlagte van beide man en vrou voorstel, word ’n gelukkige heteroseksuele huwelik as norm aan die lesers voorgehou. Die norm word versterk deur die negatiewe uitbeelding van die teendeel hiervan, oftewel ’n paartjie wat nie saam as eenheid gegroei het nie: “Want sonder ’n duidelike visie vir julle huwelik is julle elkeen stadig maar seker besig om doelloos op die lewensoseaan te dobber, oorgegee aan die elemente wat julle uitmekaar wil skeur.” Die wyse waarop die artikel ’n huwelik sonder ’n visie met die metafoor van ’n boot wat “doelloos [...] [rond]dobber” beskryf, bevestig die negatiewe persepsie van onsuksesvolle huwelike. Bo en behalwe die gekonstrueerde norm van ’n heteroseksuele verhouding word ’n suksesvolle heteroseksuele huwelik met ’n gesamentlike toekomsvisie dus as ideaal voorgehou.



Figuur 11. ’n Heteroseksuele paartjie in “Wees die CEO van jou huwelik”

Die bevestiging van 'n heteroseksuele verhouding as norm word reeds in die titel van “Om vrou te soek op die kassie”²⁰ waargeneem, aangesien “vrou soek” as die enigste opsie voorgestel word. Verder beeld die datasegmente slegs heteroseksuele moontlikhede uit, naamlik die “jong boere en dorpskêrels [sit] droëbek” tot die “jongste sarsie onderwyseresse en verpleegsters” na die dorp verhuis. Na aanleiding van hierdie artikel sowel as Opsitkers se uitbeelding en voorstelling van slegs heteroseksuele verhoudings, word dit duidelik dat *Landbouweekblad* heteroseksualiteit as norm stel. Aangesien *Landbouweekblad* slegs heteroseksuele verhoudings voorstel, herinner dit aan Butler (1990:22–3, 26) en Berger, Wallis en Watson (1995:4) se proses van gedwonge heteroseksualiteit. In hierdie proses word heteroseksualiteit as standaard behou, omdat dit as enigste opsie voorgelê word. *Landbouweekblad* konstrueer dus heteroseksuele verhoudings as 'n norm.

Die norm van 'n heteroseksuele verhouding word voortgesit in “Hoe om 'n man te wees ...”.²¹ Die verskille tussen mans en vroue word wel beklemtoon, en daar word benadruk dat heteroseksuele mans se kennis van vroulikheid oor die algemeen ontoereikend is: “[M]ans en vroue dink nie noodwendig dieselfde oor seks nie”; “[v]roue is die jeuk wat mans nie kan krap nie en dit is hoe dit moet wees”; “mans [sal] vir altyd gedrewe [...] bly om die misterie te probeer oplos en [...] vroue [sal] vir altyd 'n onoplosbare misterie [...] bly”; en “[d]aar is waarskynlik heelwat oor die vagina wat jy weet en *heelwat wat jy nie weet nie*” (my kursivering). Teen hierdie agtergrond word mans aangesê om meer oor die vroulike liggaam te wete te kom: “Ken jou vrou se lyf!” Die voorgelêde man is dus nie 'n kenner van vroue nie, maar gewillig om te leer. Sodoende word manlikheid gekonstrueer om eienskappe van motivering in te sluit om meer oor vroue se liggaam en psige te leer.

“Vasektomie Ja of nee?”²² verskaf heelwat inligting oor 'n vasektomie, byvoorbeeld wat die operasie behels en die voor- en nadele daarvan. In die artikel word manlikheid gekonstrueer om mans binne 'n heteroseksuele huwelik in te sluit. Dit gebeur op twee wyses: Eerstens is 'n vasektomie hoofsaaklik relevant vir heteroseksuele pare en tweedens deurdat slegs heteroseksuele verhoudings beskryf word, soos blyk uit die tekstuele modus: “die vrou se afdeling ...”, “van haar man”, en “vroue weet dat ... vir 'n man ...”.

Die heteroseksuele ruimte word voortgesit deurdat 'n heteroseksuele verhouding as eerste keuse voorgestel word. In *Weg!* en *Huisgenoot* word manlikheid gekonstrueer om slegs heteroseksualiteit en die uitdrukking daarvan in te sluit. Verder word die beeld van die gekonstrueerde manlikheid in *Intiem vir mans* en *Landbouweekblad* na 'n heteroseksuele huwelik vernou, en terselfdertyd word huweliksukkes en -geluk as norm en ideaal in hierdie twee tydskrifte voorgelê. Dit gebeur deurdat 'n heteroseksuele verhouding in beide tydskrifte as die enigste opsie uitgebeeld word. Daarbenewens word manlikheid gekonstrueer om patriargale posisies in die huwelik in te sluit.

Hierdie streng beperking en die ideaal van 'n heteroseksuele huwelik herinner aan die heteronormatieweit waarvoor Butler (1990), Berger, Wallis en Watson (1995), Wiegman (2002) en Mikkola (2017) skryf. Die proses staan bekend as gedwonge heteroseksualiteit, waar heteroseksualiteit as standaard voorgelê en aanvaar word (Butler 1990:22–3,26; Berger, Wallis en Watson 1995:4). Deurdat *Weg!*, *Huisgenoot*, *Intiem vir mans* en *Landbouweekblad* slegs heteroseksuele verhoudings uitbeeld en die datastel gekenmerk word deur die afwesigheid van voorstellings van selfdegeslagverhoudings, word manlikheid gekonstrueer as om slegs binne 'n ruimte van heteroseksuele verhoudings – die huwelik as ideaal – te ontwikkel.

5.4 Afwesigheid van alternatiewe seksualiteite

Die konstruksies van homoseksualiteit word in slegs drie tydskrifbydraes uit 61 tydskrifbydraes in die ondersoek waargeneem. Die minimale aanwesigheid van voorstellings van homoseksualiteit ondersteun die genoemde dominansie van heteronormatiewe manlikheid in die geraadpleegde tydskrifte.

Die “G’n boerebedrieër!”-artikel vertel van Eon van Aarde se ervaring in die televisieprogram *Boer soek ’n vrou*. Die kykers is ontsteld oor Van Aarde se optrede teenoor die vroulike deelnemers in die program en daar word stories versprei wat daarop “sinspeel dat Eon eintlik vir die ander span kolf”. Die kykers lewer dus kommentaar op sy (vermoedelike) seksualiteit, aangesien die gebruik van hierdie uitdrukking homoseksualiteit suggereer. Die kykers se vermoede is gebaseer op Van Aarde se besluiteloosheid oor die meisies en dat hy saam met ’n ander meisie by die reünienaweek opdaag (“soveel meisies, soveel vrae: Wie is die nuwe swartkopnoui aan Eon se sy – en wat nou van Emmerika?”; “[o]p kletsblaaie soos Facebook is kwaai gebrom: Hy is besluiteloos, wil net in die bondel vry en hom nie werklik verbind nie”; en “hy is erg gefrustreerd oor die skinderpraatjies. ‘En die ergste is dit is mense wat [hom] nie eens ken nie. Hulle weet nie wat die waarheid is nie!’”).

Gesien dat die kykers hulle afleidings slegs op waarnemings baseer wat geen werklike bewyse van homoseksualiteit bevat nie, word homoseksualiteit as keuse afgekeur. Homoseksualiteit word dus via die kykers se perspektief op ’n irrasionele wyse gekonstrueer wat afkeer en uitsluiting tot gevolg het. *Huisgenoot* gee beide Van Aarde en die kykers se perspektief, alhoewel die irrasionele perspektief nie weerspreek word nie. Sodoende steun die titel van die artikel en so ook *Huisgenoot* ’n afkeurende ingesteldheid teenoor homoseksualiteit. Dié artikel bevat slegs perspektiewe van homoseksualiteit en geen eksplisiete voorstellings van homoseksualiteit nie.

Dié perspektief op homoseksualiteit word voortgesit in “Op sy tone”.²³ Dit blyk uit die afbrekende opmerkings teenoor Bradley Zeelie: Hy is in sy skooldae “’n moffie genoem” en hy het met “’jy’s-’n-moffie’-aanmerkings” geleef. Verder word Zeelie se balletdrag (“stywe tights moet dans” en die voorstelling van Zeelie in sulke kleredrag in Figuur 12) in ’n negatiewe lig gestel, gesien die taalgebruik, soos “stywe” en “tights”, wat tradisioneel met vroueklere geassosieer word.



Figuur 12. Visuele modus in “Op sy tone”

Zeelie word gekonstrueer as 'n man wat nie deur die negatiwiteit ondergekry is nie. Dit blyk uit die feit dat hy uitgeblink het ongeag beledigende opmerkings (“die dae toe ‘jy’-s-’n-moffie’-aanmerkings hom gepla het, is lankal verby”); die gebrek aan familie-ondersteuning (“geen familielid was in die gehoor toe hy op skooldiplomaplegtighede vir sy prestasies vereer en ook as die hoofseun aangewys is nie”); en afbrekende verhoudings (“[s]y ma het hom met kookwater verbrand ... [m]in mense sal aanhou om hul drome te volg wanneer hulle net teenkanting kry – veral in hul ouerhuis”). Hierdie bevinding herinner aan Eisen en Yamashina (2019:804) se artikel waarin hulle meen dat mans wat reeds aan hegemoniesemanlikheideienskappe (soos om 'n atleet of bekende persoonlikheid te wees) voldoen, die voorreg geniet om alternatiewe manlikhede te ontwikkel. Zeelie is beeldend van 'n hardwerkende en doelgerigte atleet wat in 'n alternatiewe omgewing (ballet) sy manlikheid uitleef. Hy is 'n man wat negatiewe opmerkings en persepsies verwerk sodat hy sy passie op sy gekose manier kan uitleef. Alternatiewe ruimtes en/of manlikheid word dus hier met eienskappe van hegemoniese manlikheid verbind.

In *Sarie* se “Ek wil die volgende president leer ballet doen!”²⁴ word 'n alternatiewe gekonstrueerde manlikheid uitgebeeld, aangesien die besturende direkteur van die Johannesburgse Balletvereniging vertel dat hy as jong seun “skelm’ [ge]dans” het. Dié datasegment dui op die sosiale afkeuring van 'n alternatiewe manlikheid met die gevolg van geheimhouding waarmee mans saamgeleef het wanneer hulle belangstellings nie met tradisionele manlikheid ooreengestem het nie. Hierdie geheimhouding rondom ballet herinner aan Gardiner (2002) se resultate: Alhoewel verskillende uitbeeldings van manlikhede voorgehou en waargeneem is, word nie-hegemoniese manlikheid – soos homoseksualiteit wat as 'n gemarginaliseerde manlikheid beskou word – steeds gekritiseer of geheim gehou, aangesien dit nie aan die norm van heteroseksualiteit voldoen nie (Gardiner 2002:5).

Daarteenoor is daar 'n uitbeelding in beide die tekstuele en die visuele modus (Figuur 13) van die man as 'n suksesvolle besturende direkteur binne die alternatiewe ruimte van ballet. Hierdeur bevestig *Sarie* juis alternatiewe wyses waarop mans hul manlikheid uitleef deurdat die balletdanser sy geheimhouding oor sy deelname aan ballet opskort.



Figuur 13. Visuele modus in “Ek wil die volgende president leer ballet doen!”

Manlikheid word dus gekonstrueer as om alternatiewe manlikhede in te sluit deurdat die tydskrifbydraes die groter sosiale aanvaarbaarheid van manlikheid in alternatiewe ruimtes voorstel.

Perspektiewe op en verwysings na homoseksualiteit kom in *Huisgenoot*, *Sarie* en *Kuier* voor, alhoewel die minimale voorstellings van homoseksualiteit die indruk versterk dat heteroseksuele verhoudings as norm voorgelê word. Nogtans word daar in *Kuier* en *Sarie* tog ’n voorbeeld van die uitlewing van manlikheid deur alternatiewe aktiwiteite soos ballet voorgelê. Soos reeds genoem, is inklusiewemanlikheidsteorie (IMT) gebaseer op die aanname dat meer inklusiewe manlikhede ontwikkel as gevolg van ’n veranderende sosiale landskap (Anderson 2009; O’Neill 2015:104; Anderson en McCormack 2018:549). In die datastel is daar bewyse van ’n veranderende sosiale landskap, hoewel dit as minimaal beskou kan word. Negatiewe perspektiewe op homoseksualiteit soos blyk uit neerhalende benamings is aanwesig, en dien, tesame met minimale voorstellings van homoseksualiteit, as bewyse van ’n onveranderde sosiale landskap in die Afrikaanse samelewing. Terselfdertyd is die sigbaarheid van sosiale aanvaarding vir die uitlewing van manlikheid in alternatiewe ruimtes beeldend van ’n ietwat veranderende sosiale landskap in die Afrikaanse samelewing.

Anderson en McCormack (2018:551) se bespreking dui aan dat homofobie en homohisterie ongelyke sosiale prosesse is en op verskillende vlakke in verskillende kontekste, lande, instellings, organisasies en generasies verskil. Hieruit kan afgelei word dat homofobie of homohisterie op verskillende wyses in verskillende kontekste kan manifesteer óf afneem (O’Neill 2015:104). Die afwesigheid van voorstellings van homoseksualiteit, en dus die gesuggereerde afkeuring daarvan in die datastel is ’n aanduiding van ’n Afrikaanse homohisterie, aangesien die gesprek daaromheen negatiewe houdings insluit en heteronormatiwiteit deurentyd waargeneem word. Hierdeur blyk die hegemoniese manlikheid een te wees wat slegs heteroseksualiteit insluit, wat die heteronormatiewe aard van Afrikaanse manlikheid bevestig.

5.5 Veranderende sosio-ekonomiese omstandighede

Statusgelaai beroepe kom deurlopend tussen 2005 tot 2013 in al die gekose tydskrifte voor. Hieruit kan afgelei word dat beelde van manlikheid hoofsaaklik binne ’n beroepsomgewing gesitueer word. Eerstens word beroepsofses as ’n normatiewe status, wat herinner aan Connell (2005) se normatiewe benadering tot manlikheid, voorgelê – veral in *Huisgenoot*, waarin sukses as ’n resultaat van ondernemende bestuursvernuf uitgebeeld word. Tweedens sal voorbeelde van genderrolveranderinge bespreek word, waarna ’n eietydse weergawe van manlikheid beskryf word.

In die “Pluuskêre kry tweede lewe”-artikel verander Danie Malan sy stokperdjie (die herstel van pluuskêre) na ’n winsgewende besigheid. Hy plaas “’n klein advertensie in die plaaslike koerant” waarna ’n “stortvloed skêre” inkom waarvan Malan “[s]legs 10” nie herstel het nie. Hieruit kan afgelei word dat Malan se status as entrepreneur in die gemeenskap deur sy besigheid gevorm is, omdat hy die “enigste mens is wat dié soort herstelwerk doen”. Die visuele modus ondersteun die tekstuele modus deurdat die herstel van die pluuskêre sowel as die gebruik en voordele daarvan in Figuur 7 voorgelê word. Hier word manlikheid uitgebeeld om ondernemende bestuursvernuf in te sluit.

Die status verbonde aan Ryk Neethling se beroep sluit aan by die “Pluuskêre kry tweede lewe”-artikel, aangesien Neethling in “Mnr Speedo tot Mnr Spiekeries”²⁵ as “bemarkingsdirekteur van Val de Vie ... ’n luukse pololandgoed” en “entrepreneur” beskryf word. In Figuur 14 word

Neethling uitgebeeld langs die swembad waar hy 'n swemskool bestuur wat die tekstuele en visuele modus in korrelasie bring. Mans word dus as suksesvol beskou wanneer hulle aan sekere besigheidsvereistes voldoen. Manlikheid word dus gekonstrueer as synde verbandhoudend met 'n ondernemende en suksesvolle besigheidsman te wees en sodoende gesogte benamings, soos entrepreneur, te kan verwerf.



Figuur 14. Visuele modus in “Mnr Speedo tot Mnr Spiekeries”

Cecil Afrika word as 'n suksesvolle sewesrugbyspeler in “Blitsbokke se vonk” uitgebeeld, soos “nuwe ster van sewesrugby”, “'n groot gunsteling ... sewesspeler van die jaar”, die “Cecil-vonk”, “Missionvale se wêreldster” en “[vir die] IRR se groot sewesprys benoem” getuig. Verder is die visuele modus beeldend van Afrika se rugbysukses (Figuur 15) en word sy sukses ook visueel beklemtoon, soos die groot en prominente opskrif weerspieël. Aangesien die artikel Afrika se suksesvolle loopbaan benadruk, behels die gekonstrueerde manlikheid temas van beroepsukses, veral in 'n sportomgewing, waardeur hy 'n gesogte status soos “ster” en “Blitsbokke se vonk” verwerf.

In die studie is daar 'n aantal voorbeelde van waar mans van kleur, soos Cecil Afrika, Reuben Riffel, Bradley Zeelie en Boris Kodjoe, as suksesvol en statusryk voorgelê word. Sodoende word mans van kleur, 'n voorheen gemarginaliseerde groep, as bemagtig voorgestel. Dié konstruksie van Afrikaanse manlikheid spreek tot Connell (2005) se marginaliseringsbenadering, siende dat ook voorheen uitgesluite mansgroepe in hierdie datastel sigbaar is.



Figuur 15. Visuele modus in “Blitsbokke se vonk”

In die datastel is daar 479 verwysings aan die tema van beroep en status gekoppel. Hieruit kan afgelei word dat die tema van beroep en status deeglik vervleg is met die konstruksie van manlikheid, ongeag die soort beroep. Die keuse van beroep kan dus as ’n uitdrukking van manlikheid beskou word en die groot verskeidenheid beroepe kan ’n aanduiding wees dat manlikheid nie tot een beroep beperk word nie, maar slegs as gesteld op ’n beroep gekonstrueer word.

In die volgende artikel behels die konstruksie van manlikheid sekere statusse waaraan hoëprofielberoepe gekoppel word. In “’n Droom van chroom”²⁶ word “dokters, prokureurs, sakemense, rekenmeesters, aptekers ...” en die “gewese hoofwildbewaarder van die Etosha-wildtuin” as voorbeelde gelys. Hierdie beroepe word met Harley Davidson geassosieer teenoor “myners” wat met motorfietsse soos Hondas, Kawasaki’s en Yamahas ry. Sodoende word die sukses van sulke hoëprofielberoepe met die luukse Harley Davidson-handelsmerk geassosieer en “myners” met goedkoper motorfietshandelsmerke. Die visuele modus (Figuur 16) bring die assosiasie tussen luukse items en hoëprofielberoepe byeen deurdat heelwat voorbeelde van Harley Davidson-

motorfietse uitgebeeld word. Die verhoogde fokus op nie net loopbane nie, maar die bereiking van sukses kan een van die Afrikaanse gemeenskap se reaksies op die sogenaamde manlikheid-in-krisis-fenomeen wees.




Figuur 16. Visuele modus in “’n Droom van chroom”

Veranderende politieke en sosiale omstandighede in Suid-Afrika veroorsaak dat mans funksieverlies ervaar. Hierdie ervaring kan as Afrikaanse mans se reaksie op die sogenaamde manlikheid-in-krisis-fenomeen beskou word. Viljoen (2008) meen dat mans dit eerder as ’n geleentheid vir die ontwikkeling van nuwe manlikhede beskou, soos blyk uit dié gekonstrueerde manlikheid wat suksesvolle loopbane en statusverwante posisies insluit. Bostaande bespreking bevat bewyse daarvan dat mans buite die grense van tradisionele manlikheid optree en sodoende verskuivings binne Suid-Afrikaanse opvattinge van manlikheid teweegbring.

In vergelyking met bostaande ideale manlikheid is die volgende tydskrifbydraes beeldend van mans wat nie aan hierdie ideaal kan voldoen nie. In “Ryloop met ’n woonwa”²⁷ ontmoet Dana Snyman vir Louwtjie Enslin en sy gesin langs die pad tussen Kimberley en Hopetown (Figuur 17). Enslin het in Kimberley sy werk verloor “[e]n die kar. En die huis, *pool*-tafel en al”. Benewens die feit dat Louwtjie en sy gesin “ryloop” met hulle woonwa, skep die verhaal ’n beeld van algehele armoedigheid. Louwtjie se “nerfaf wit Jordan-skoene” en geen besittings nie dien as simbool van sy onvermoë om as voorsiener vir sy gesin op te tree. In “Ek verdien meer as my man”²⁸ word ’n soortgelyke beeld geskep, naamlik dat ’n man onsuksesvol is as voorsiener, aangesien hy nie as die hoofbroodwinner beskou word nie, soos die volgende tekstuele modus aandui: “Die meeste mans het ’n oer-beskermsdrang oor hul gesin, en in die

moderne wêreld beteken dit dat hulle dit as 'n plig sien om hulle finansiëel te versorg.” Die artikel stel ook die teenpool, naamlik dat dit “deesdae algemeen [is] dat mans minder as hul eggenote verdien”. Die visuele modus (Figuur 18) bevestig die boodskap dat beide geslagte die broodwinnerposisie kan beklee deurdat 'n gemanikuurde hand (stereotipes met vroue geassosieer) die geld in die spaarbussie gooi.

Beide bostaande tydskrifbydraes dra by tot 'n sosiale aanvaarding dat nie slegs mans die rol van voorsiener vervul nie. Die feit dat dit sosiaal meer aanvaarbaar is, verwyder nie die gevolge wat daarmee gepaard gaan nie (“... lei dit maklik tot gevoelens van skuld, minderwaardigheid, irritasie en aggressie”). Die man se minderwaardige reaksie herinner aan Viljoen (2013:236) se manlikheid-in-krisis-fenomeen en dat mans steeds met sulke rol- en magsveranderinge worstel.



Figuur 17. Afgeleefde woonwa in “Ryloop met 'n woonwa”



Figuur 18. Visuele modus in “Ek verdien meer as my man”

Die man se rol as voorsiener, word in verskeie tydskrifte (*Weg!*, *Landbouweekblad*, *Intiem vir mans*, *Sarie* en *Kuier*) vanaf 2005 tot 2015 aan status verbind. Die voorsienerrol manifesteer in die behoefte om vir homself, die gemeenskap, sy gesin en sy eggenoot te voorsien. Daar is 'n verskuiwing ten opsigte van prioriteite, aangesien die prioriteit vanaf homself (2005), na die gemeenskap (2009), na die eggenoot (2013), en na die gesin (2015), verskuif.

In die Sanlam-advertensie word die voorsienerrol beperk tot die man wat vir homself beplan: “help om vooruit te beplan vir 'n sorgvrye toekoms” en “voorsiening gemaak ... vir 'n voldoende neseier vir jou aftrede”. Dié beskrywings van “voorsiening” word in die visuele modus (Figuur 19) in verband gebring met “sorgvrye” en “neseier” deurdat die man se gesigsuitdrukking as onbekommerd en tevrede voorgestel word saam met die keuses van luukse besittings of vakansies. Hierdie manlikheid is dus een wat luukshede en keuses insluit wat betref die voorsiening in eie behoeftes.



Figuur 19. Visuele modus in Sanlam-advertensie

In “Pluuskêre kry tweede lewe” word die voorsiener vir homself na voorsiener vir die gemeenskap uitgebrei. Dit word uitgelig deur die feit dat Danie Malan “darems ’n paar sente” uit sy besigheid maak, maar meer klem plaas op die diens wat hy aan die omliggende gemeenskap (“enigste persoon in die distrik wat die skêrtjies kan herstel”) lewer. “Mans ook net mens”²⁹ in *Kuier* fokus op mans wat in moeilike posisies geplaas word as gevolg van uitdagings of bekommernisse in hulle lewe. Die artikel beskryf byvoorbeeld ’n pa wat as gevolg van “swak gesondheid nie vir sy gesin kan sorg nie”, oftewel nie sy rol as voorsiener kan vervul nie.

Genderrolveranderinge is ook sigbaar ten opsigte van die voorsienerrol, wat nou ook deur vroue beklee word. Mans in sulke verhoudings ervaar steeds gevoelens van skuld en minderwaardigheid. Hierdie reaksie toon dat die tradisionele uitbeelding van die man as voorsiener steeds as ideaal in die Afrikaanse gemeenskap gekoester word.

Die Samsung-advertensie-artikel³⁰ hou Samsung-kombuistoestelle as die beste keuse voor omdat sjef Reuben Riffel dit verkies. Riffel word in die rol van voorsiener uitgebeeld deur die datasegmente “sjef”, kosmaak “vir vrou en twee kinders” en die visuele modus (Figuur 20) wat Riffel in die kombuis voorstel. Die leser word ooreed om Samsung-kombuistoestelle aan te koop omdat die “beroemde sjef” Reuben Riffel dit as sy voorkeurhandelsmerk by die huis en in professionele hoedanigheid verkies: “[D]ie kombuis waarin jy werk speel net so ’n groot rol”; “vrou en twee kinders kosmaak, is dit vir my net so belangrik as wanneer ek vir ’n koskritikus kook”; en “[d]aarom beveel ek altyd Samsung-toestelle aan”. Op hierdie manier word Samsung-gasstoofplate byvoorbeeld as ’n vereiste voorgestel vir mans wat vir hulle gesin “altyd net die allerbeste [kos] wil voorberei”. Sodoende behels die gekonstrueerde manlikheid dat die man die

rol as voorsiener, waarvan die rol as sjef ook deel vorm, binne 'n huislike opset inneem. Die man as voorsiener en versorger vir sy gesin bevestig Viljoen (2011) se gevolgtrekking wat betref die beeld van die vader in Afrikaanse manstydskrifte, naamlik dat die man hoofsaaklik as vader, voorsiener en verantwoordelike party geskets word.



Figuur 20. Visuele modus van Reuben Riffel in die kombuis

Bostaande konstruksies dui op dieselfde verantwoordelikheid waardeur die gekonstrueerde manlikheid gedefinieer word, naamlik dié van vader, versorger en verantwoordelike (Viljoen 2011). Manlikheid word dus gekonstrueer om die rol van vader, versorger en verantwoordelike party – maar ook mislukking – in te sluit. Hierdie verskuiwing na manlikheid wat ook mislukking insluit, kan as 'n weergawe van die Suid-Afrikaanse manlikheid-in-krisis-fenomeen beskou word, aangesien mans se leidende rol in die huislike opset in gevaar is. Gevolglik ontstaan 'n alternatiewe manlikheid wat uit tradisionele (voorsiener en vader) sowel as eietydse elemente (mislukking) van manlikheid bestaan.

6. Ten slotte

6.1 Vyf waarnemings

Suid-Afrika het in die afgelope 30 jaar heelwat sosiale, politieke en ekonomiese veranderinge ondergaan (News24 2013; Vollgraaff 2015). Genderverhoudings word deur sulke veranderinge beïnvloed (Whitehead 2002:5; Alexander 2003:536). Ek volg Butler (1990) se benadering dat gender as 'n sosiale konstruksie beskou word. Dit impliseer dat gender, hetsy konstruksies van manlikheid of vroulikheid, deurlopend verander (Mikkola 2017).

Op globale sowel as nasionale vlak word verskillende konstruksies van manlikheid en verseke wyses waarop manlikheid uitgeleef word, waargeneem (Morrell 2001:433; Whitehead 2002:5). Die verskuiwings in en verruiming van die tradisionele opvatting van wat manlikheid behels, het die sogenaamde manlikheid-in-krisis-fenomeen tot gevolg gehad (Benwell 2003:14). Navorsing het verskillende redes vir die ontstaan van hierdie fenomeen aan die lig gebring. Eerstens kan mans hierdie krisis ervaar as gevolg van sosio-ekonomiese en genderrol-veranderinge. Tweedens kan dit ervaar word as gevolg van 'n man se onvermoë om aan die voorgehoue ideaal van manlikheid te voldoen (Viljoen 2011:317). Die Suid-Afrikaanse manlikheid-in-krisis-fenomeen hou verband met bogenoemde redes, alhoewel die demokratisering van Suid-Afrika ook 'n bydraende faktor is (Viljoen 2012:652). Mans ervaar onsekerheid oor hul rol in 'n veranderende samelewing en hul posisionering ten opsigte van verskuiwings in die konsep van manlikheid, en bevind hulle dus in 'n krisissituasie.

Gevolglik is daar vyf waarnemings wat lig werp op die sogenaamde Afrikaanse manlikheid-in-krisis-fenomeen. Die manlikheid-in-krisis-fenomeen word beskryf as onbereikbare ideale en verwagtinge waaraan mans hulself meet en waarvolgens die samelewing hulle beoordeel.

Die eerste waarneming behels die (on)vermoë van Afrikaanse mans om aan sosiale verwagtinge te voldoen. Volgens navorsing het enige onvermoë gevoelens van minderwaardigheid tot gevolg. Die gevolge van 'n ongesonde leefstyl kan daartoe lei dat die man wat nie sy voorsienerverpligtinge kan nakom nie, emosies van ontoereikendheid kan ervaar. Daar is wel waargeneem dat mans wat 'n gesonde leefstyl volg, meer geneig is om hulle verantwoordelikhede na te kom en sodoende die emosies wat gepaard gaan met die manlikheid-in-krisis-fenomeen voorkom. Afrikaanse mans ervaar wel angs en stres wanneer daar nie aan die verwagting van 'n gesonde leefstyl voldoen word nie. Dit illustreer dus die interpretasie van die manlikheid-in-krisis-fenomeen as nou verbonde aan verskuiwings wat in die samelewing plaasvind en dien as bewys daarvan dat verwagtinge binne 'n gemeenskap tog 'n invloed op die beskouing van manlikheid het.

Die tweede waarneming is die positiewe reaksie van Afrikaanse mans op die krisis wat verband hou met veranderende sosio-ekonomiese omstandighede. Die Afrikaanse media beeld hul reaksie uit as entrepreneuries en spaarsamig en in diverse ruimtes. So belig hulle alternatiewe maniere waarop mans die manlikheid-in-krisis-fenomeen kan verwerk. Terselfdertyd geniet die gemeenskap meer blootstelling aan 'n verruimde manlikheid.

Die ondersoek na Afrikaanse manlikheid wat verband hou met seksualiteit, ontbloot wel aanduidings van die Suid-Afrikaanse manlikheid-in-krisis-fenomeen (derde waarneming). Homo-seksuele paartjies of enkellopende mans – met of sonder 'n gesin – wat dieselfde behoeftes as 'n heteroseksuele paartjie het, word uitgesluit deur die beeld van die streng heteroseksuele huwelik. Sodoende word 'n ideaal van manlikheid geskep – 'n wit, heteroseksuele man met 'n gesin – waaraan lesers met alternatiewe seksualiteite nie sal kan voldoen nie. Afrikaanse LGBTQIA+-persone kan hierdie uitsluiting as 'n krisis ervaar, aangesien hulle nie aan die voorgehoue norm voldoen nie.

Die vierde waarneming is dat daar 'n beperkte spektrum van seksualiteite in die Afrikaanse media voorkom. Die media se minimale uitbeelding van aangepaste genderrolle word as een van die hooforsake van die manlikheid-in-krisis-fenomeen beskou. Die beperkte spektrum van seksualiteite kan moontlike toekomstige verskuiwings in die Afrikaanse genderlandskap suggereer, byvoorbeeld die wyse waarop LGBTQIA+-persone in die samelewing gemarginaliseer en/of aanvaar sal word.

Die ondersoek na die konstruksie van Afrikaanse manlikheid wat verband hou met status en mag, bied die laaste insig in die manlikheid-in-krisis-fenomeen. Die media beeld maniere uit waarop Afrikaanse mans die verandering in sosio-ekonomiese omstandighede verwerk, byvoorbeeld deur openlik oor beroeps- of leefstylmislukkings te praat. Dit dui op 'n sosiale aanvaarding van 'n soort manlikheid wat mislukking insluit. Daarmee saam word aktiewe en verantwoordelike vaderskap as norm voorgehou en bevorder dit genderrolveranderinge wat een van die oorsake van die sogenaamde manlikheid-in-krisis is.

Sodoende word die diskoers rondom die manlikheid-in-krisis-fenomeen verruim. Verder dui die dinamika van die wisselwerking tussen die samelewing, die media en genderkonstruksies in my navorsing op die belangrike rol wat die media speel in die bekendstelling van alternatiewe en nuwe genderrolle.

Die ondersoekte tydperk (2005 tot 2015) van die studie en die gekose Afrikaanse publikasies konstrueer dus Afrikaanse manlikheid as om meer genderrolle aan te neem en meer openlik te wees oor hul mislukkings. Verder kan die Afrikaanse media se uitbeelding van sulke ontwikkelende manlikhede, ten spyte daarvan dat dit 'n tydsame proses is, tóg bydra tot die Afrikaanse samelewing se aanvaarding van alternatiewe en/of nuwe manlikhede. Alhoewel die spektrum van seksualiteite in die Afrikaanse media baie klein is, kan die media steeds bystand bied wanneer manlikhede wel binne die LGBTQIA+-gemeenskap gesitueer word. As voorbeeld lig ek Boer Damian van die *Boer soek 'n vrou*-televisiereeks uit, gesien dat hy die eerste homoseksuele mansdeelnemer was. Hierna is sy deelname aan die televisiereeks en artikels oor sy lewe in tydskrifte soos *Klyntji*, *Huisgenoot* en *Sarie* sowel as die Netwerk24-platform waargeneem (Hough-Coetzee 2019; Lion-Cachet 2019; Van Zyl 2019; Du Toit 2020).

6.2 Voorstelle vir toekomstige navorsing

Die ondersoek na die wyse waarop dié bevindinge benut kan word om genderbewustheid in die Afrikaanse media te skep en/of te bevorder, kan 'n moontlike opvolgstudie tot my navorsing wees. Nog 'n verdere studie wat op bostaande kan uitbrei, is 'n ondersoek na die uitbeelding van homoseksualiteit in die Afrikaanse media, aangesien dit grootliks afwesig was in my studie se dataset en dus by implikasie negatief uitgebeeld is.

Bibliografie

Alexander, S.M. 2003. Stylish hard bodies: branded masculinity in *Men's Health* magazine. *Sociological Perspectives*, 46(4):535–54.

Anderson, E. 2009. *Inclusive masculinity: The changing nature of masculinities*. Londen: Routledge.

Anderson, E. en R. Magrath. 2019. *Men and masculinities*. Londen: Routledge.

Anderson, E. en M. McCormack. 2018. Inclusive Masculinity Theory: Overview, reflection and refinement. *Journal of Gender Studies*, 27(5):547–61.

Arendse, K. 2013. Pas jou op, man. *Huisgenoot*, 9 Mei, ble. 46–7.

- Ashe, F. 2007. *The new politics of masculinity: Men, power and resistance*. New York: Routledge.
- Barber, N. 2013. Why women feel bad about their appearance: Lookism does not explain body image discontent. <https://www.psychologytoday.com/za/blog/the-human-beast/201305/why-women-feel-bad-about-their-appearance> (24 Januarie 2021 geraadpleeg).
- BBC News. 2022. South Africa profile – Timeline. <https://www.bbc.com/news/world-africa-14094918> (6 Januarie 2023 geraadpleeg).
- Bederman, G. 1995. *Manliness and civilization: A cultural history of gender and race in the United States, 1880–1917*. Chicago, IL: University of Chicago Press.
- Benwell, B. 2001. Male gossip and language play in the letters pages of men's lifestyle magazines. *Journal of Popular Culture*, 34(3):19–33.
- . 2003. Introduction: Masculinity and men's lifestyle magazines. In Benwell (red.) 2003.
- Benwell, B. (red.). 2003. *Masculinity and men's lifestyle magazines*. Oxford: Blackwell Publishing.
- Berger, M., B. Wallis en S. Watson. 1995. Introduction. In Berger, Wallis en Watson (reds.) 1995.
- Berger, M., B. Wallis en S. Watson (reds.). 1995. *Constructing masculinity*. New York: Routledge.
- Beynon, J. 2002. *Masculinities and culture*. Philadelphia, PA: Open University Press.
- Bezemer, J. 2012. What is multimodality? <http://mode.ioe.ac.uk/2012/02/16/what-is-multimodality> (15 Julie 2021 geraadpleeg).
- Blayac, A., C. Conilleau, C. Delahaye en H. Quanquin. 2011. Critical masculinities. *Cultures, Society and Masculinities*, 3(1):3–12.
- Boonzaier, C.N. 2014. Flashing boobies and naughty no-no's: A media-historiographical overview of the pornographic magazine in South Africa, 1939 to 1989. MA-verhandelings, Universiteit Stellenbosch.
- Botha, L. 2007. Boer nader aan die natuur. *Landbouweekblad*, 14 Desember, ble. 12–3.
- Botha, T. 2009. Pluuskêre kry tweede lewe. *Landbouweekblad*, 22 Mei, bl. 22.
- Butler, J. 1990. *Gender trouble: Feminism and the subversion of identity*. New York: Routledge.
- Charmaz, K. 2006. An invitation to grounded theory. In Charmaz (red.) 2006.
- . 2012. The power and potential of grounded theory. *Journal of the BSA MedSoc Group*, 6(3):1–15. <https://ecrag.wordpress.com/wp-content/uploads/2014/02/charmaz-power-of-grounded-theory.pdf> (24 Januarie 2021 geraadpleeg).

- Charmaz, K. (red.). 2006. *Constructing grounded theory. A practical guide to qualitative analysis*. Londen: SAGE Publishing.
- Cleaver, F. 2002. Men and masculinities: New directions in gender and development. In Cleaver (red.) 2002.
- Cleaver, F. (red.). 2002. *Masculinities matter! Men, gender and development*. Kaapstad: New Africa Books Pty.
- Connell, R.W. 1995. *Masculinities*. 1ste uitgawe. Cambridge: Polity Press.
- . 2005. *Masculinities*. 2de uitgawe. Los Angeles, CA: University of California Press.
- . 2014. Margin becoming centre: For a world-centred rethinking of masculinities. *NORMA: International Journal of Masculinity Studies*, 9(4):217–31.
- . 2018. The social organization of masculinity. In Morris en Blume Oeur (reds.) 2018.
- Creswell, J.W. 2009. *Research design: Qualitative, quantitative, and mixed methods approaches*. Thousand Oaks, CA: SAGE Publishing.
- Del Mar Rubio-Hernández, M. 2010. The representation of men depicted in *Men's Health* magazine. *Revista Communication*, 8(1):57–70.
- De Wet, N. 2011. Mnr. Speedo tot Mnr. Spiekeries. *Huisgenoot*, 8 Desember, bl. 140–1.
- Diamond, M. 2002. Sex and gender are different: Sexual identity and gender identity are different. *Clinical Child Psychology and Psychiatry*, 7(3):320–34.
- Dunbar Moodie, T., Ndatshe, V. en B. Sibuyi. 1988. Migrancy and male sexuality on the South African gold mines. *Journal of Southern African Studies*, 14(2):228–256.
- Du Pisani, K. 2001. Puritanism transformed: Afrikaner masculinities in the apartheid and post-apartheid period. In Morrell (red.) 2001.
- . 2004. “Ek hou van ’n man wat sy man kan staan”: Puriteinse manlikheidsbeelde in die Afrikaanse kultuur tot 1935. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuureskiedenis*, 18(1):80–93.
- Du Preez, A. (red.). 2009. *Taking a hard look: gender and visual culture*. Cambridge: Cambridge Scholars Publishing.
- Du Toit, D. 2020. Boer Damian: Pa-wees my grootste wens. *Sarie*. <https://www.netwerk24.com/sarie/bekendes/ons-praat-met/boer-damian-pa-wees-my-grootse-wens-20200520> (1 Februarie 2024 geraadpleeg).
- Edward, N.Z. (red.). 2017. *The Stanford Encyclopedia of Philosophy*. <https://plato.stanford.edu/archives/win2017/entries/feminism-gender> (3 Junie 2023 geraadpleeg).
- Edwards, T. 2006. *Cultures of masculinity*. New York: Routledge.

- Eisen, D.B. en L. Yamashina. 2019. Borrowing from Femininity: The caring man, hybrid masculinities, and maintaining male dominance. *Men and Masculinities*, 22(5):801–820.
- Elliott, L. 2008. Black Monday: Recession fears spark global share crash. <https://www.theguardian.com/business/2008/jan/22/marketturmoil.equities?fbclid=IwAR2oBM0tkeicYOcoHACMtZfh3TVte9AvrF4LM8iozcHJXtRzNiOnqf-IP4> (24 Januarie 2021 geraadpleeg).
- Gardiner, J.K. 2002. Introduction. In Gardiner (red.) 2002.
- Gardiner, J.K. (red.). 2002. *Masculinity studies & feminist theory: New directions*. New York: Columbia University Press.
- Gear, S. 2007. Behind the bars of masculinity: Male rape and homophobia in and about South African men's prisons. *Sexualities*, 10(2):209–227.
- Hadland, A. (red.). 2008. *Power, politics and identity in South African media: Selected seminar papers*. Kaapstad: RGN Uitgewers.
- Hearn, J. 2004. From hegemonic masculinity to the hegemony of men. *Feminist Theory*, 5(1):49–72.
- Hoe om 'n mán te wees ... 2009. *Intiem*, April/Mei, ble. 91–4.
- Hood-Williams, J. 2001. Gender, masculinities and crime: From structures to psyches. *Theoretical Criminology*, 5(1):37–60.
- Hough-Coetzee, J. 2011. G'n boerebedrieër! *Huisgenoot*, 8 Desember, ble. 20–1.
- . 2019. HG kuier op boer Damian se plaas: "Dis my happy place". *Huisgenoot*. <https://www.netwerk24.com/huisgenoot/bekendes/hg-kuier-op-boer-damian-se-plaas-dis-my-happy-place-20191206> (1 Februarie 2024 geraadpleeg).
- Hurd Clarke, L., E.V. Bennett en C Liu. 2014. Aging and masculinity: Portrayals in men's magazines. *Journal of Aging Studies*, 31:26–33.
- Jackson, L.A. 1992. *Physical appearance and gender: Sociobiological and sociocultural perspectives*. New York: SUNY Press.
- Jefferson, T. 1994. Theorising masculine subjectivity. In Newburn en Stanko (reds.) 1994.
- Jewitt, C. (red.). 2012. Multimodality. <https://multimodalityglossary.wordpress.com/multimodality> (5 Januarie 2023 geraadpleeg).
- Johnson, A. 2015. Goed, beter, Boris. *Kuier*, 17 Junie, ble. 16–7.
- Joubert, J.J. 2012. Die demokratiese puberteit, 2004–2011. In Pretorius (red.) 2012.
- Kieswetter, T. 2013. Wees die CEO van jou huwelik. *Intiem vir mans*, April/Mei, ble. 14–5.

Kimmel, M.S., J. Hearn en R.W. Connell (reds.). 2005. *Handbook of studies on men and masculinities*. Thousand Oaks, CA: SAGE Publishing.

Knaggs, A. 2006. The space between: Discursive constructions of masculinity in contemporary South African men's lifestyle magazines. MA-verhandeling, Universiteit van Kaapstad.

Kress, G. en T. van Leeuwen. 2001. *Multimodal discourse: The modes and media of contemporary communication*. Londen: Arnold.

Laden, S. 2003. Who's afraid of a black bourgeoisie? Consumer magazines for black South Africans as an apparatus of change. *Journal of Consumer Culture*, 3(2):191–216.

Lewins, A. en C. Silver. 2014. *Using software in qualitative research: A step-by-step guide*. Londen: SAGE Publishing.

Lion-Cachet, F. 2019. Ontmoet Damian, die hubare gay boer. *Klyntji*.
<https://klyntji.com/joernaal/2019/5/12/gay-boer-soek-n-vrou> (1 Februarie 2024 geraadpleeg).

Manie. 2005. Opsitkers: Is daar iewers nog regte mans? *Landbouweekblad*, 18 November, ble. 159–60.

—. 2007. Opsitkers: Kom ons dans by sonsondergang. *Landbouweekblad*, 14 Desember, ble. 127–8.

—. 2009a. Opsitkers: Soek praktiese man met groot hart. *Landbouweekblad*, 13 November, ble. 151–2.

—. 2009b. Opsitkers: Sprankelende boer gesoek. *Landbouweekblad*, 22 Mei, ble. 159–60.

—. 2011a. Opsitkers: Boekboer soek plaasmeisie om lief te hê. *Landbouweekblad*, 10 Junie, ble. 135–6.

—. 2011b. Opsitkers: Man met sagte hart vir haar en diere. *Landbouweekblad*, 9 Desember, ble. 135–6.

Mavers, D. (red.). 2012. Mode. <https://multimodalityglossary.wordpress.com/mode-2> (15 Julie 2021 geraadpleeg).

McRobbie, A. 1994. *Postmodernism and popular culture*. Londen: Routledge.

—. 1999. *In the culture society: Art, fashion and popular music*. Londen: Routledge.

Mikkola, M. 2017. Feminist perspectives on sex and gender. In Edward (red.) 2017.

Milani, T.M. (red.). 2015. *Language and masculinities: Performances, intersections, dislocations*. New York: Routledge.

Mohamed, K. 2011. Refashioning the local: Black masculinity, class and clothing. *Agenda*, 25(4):104–111.

- Morrell, R. 2001. *Changing men in Southern Africa*. Londen: Zed Books.
- . 2005. Foreword. In Reid en Walker (reds.) 2005.
- Morrell, R. (red.). 2001. *Changing men in Southern Africa*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.
- Morris, E.W. en F. Blume Oeur (reds.). 2018. *Unmasking masculinities*. Thousand Oaks, CA: SAGE Publishing.
- Newburn, T. en B. Stanko (reds.). 1994. *Just boys doing business: Men, masculinities and crime*. New York: Routledge.
- News24. 2013. Bredasdorp-verkragting – Zuma vra “swaarste vonnis”.
<https://www.news24.com/SouthAfrica/News/www.dieburger.com/Suid-Afrika/Nuus/Bredasdorp-verkragting-skok-dokter-20130207> (24 Januarie 2021 geraadpleeg).
- Niehaus, I. 2002. Renegotiating masculinity in the South African Lowveld: Narratives of male-male sex in labour compounds and in prisons. *African Studies*, 61(1):77–97.
- O’Neill, R. 2015. Whither Critical Masculinity Studies? Notes on inclusive masculinity theory, postfeminism, and sexual politics. *Men and Masculinities*, 18(1):100–20.
- Pope Jr, H.G., R Olivardia, J.J. Borowiecki III en G.H. Cohane. 2001. The growing commercial value of the male body: A longitudinal survey of advertising in women’s magazines. *Psychotherapy and Psychosomatics*, 70(4):189–92.
- Pretorius, D. 2013. The visual representation of masculinities in *Huisgenoot Tempo* magazine. *Communicatio: South African Journal for Communication Theory and Research*, 39(2):210–32.
- Pretorius, F. (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: NB-Uitgewers.
- Reid, G. en L. Walker. 2005. Masculinities in question. In Reid en Walker (reds.) 2005.
- Reid, G. en L. Walker (reds.). 2005. *Men behaving differently: South African men since 1994*. Kaapstad: Double Storey Books.
- Reid, L. 2005. Nuwe “superkêrel”: ’n man über alles. *Huisgenoot*, 10 November, ble. 146–7.
- Ricciadelli, R., K.A. Clow en P. White. 2010. Investigating hegemonic masculinity: portrayals of masculinity in men’s lifestyle magazines. *Sex Roles*, 63:64–78.
- Robinson, S. 2000. *Marked men: White masculinity in crisis*. New York: Columbia University Press.
- Salami, I.A. en C.I.O. Okeke. 2018. Absent fathers’ socio-economic status and perceptions of fatherhood as related to developmental challenges faced by children in South Africa. *South*

African Journal of Childhood Education, 8(1). <https://sajce.co.za/index.php/sajce/article/view/522/818> (1 Februarie 2024 geraadpleeg).

Samsung. 2013. Reuben Riffel die gesin-sjef. *Sarie*, November.

Sanger, N. 2008. “There’s got to be a man in there”: Reading intersections between gender, race and sexuality in South Africa. *African Identities*, 6(3):275–91.

Sanlam. 2005. Wat sal jou gelukkiger maak? *Weg!*, November.

Sarie-span. 2013. Ek verdien meer as my man. *Sarie*, November, ble 178.

Simelela, N.P. en W.D.F. Venter. 2014. A brief history of South Africa’s response to AIDS. *South African Medical Journal*, 104(3):249–51.

Snyman, D. 2005a. Ryloop met ’n woonwa. *Weg!*, Mei, ble. 21–2.

—. 2005b. Só speel jy ’n wegwedstryd. *Weg!*, November, ble. 25–6.

Snyman, D. en R. Boshoff. 2005. ’n Droom van chroom. *Weg!*, November, ble. 68–74.

Sonnekus, T. en J. van Eeden. 2009. Visual representation, editorial power, and the dual “othering” of black men in the South African gay press: The case of *Gay Pages*. *Communicatio*, 35(1):81–100.

South African History Online. 2017. Timeline: 20 years of democracy 1994 to 2014. <https://www.sahistory.org.za/article/timeline-20-years-democracy-1994-2014> (30 Januarie 2024 geraadpleeg).

Steenekamp, W. 2013. Vasektomie: Ja of nee? *Intiem vir mans*, April/Mei, bl. 10.

Stemmet, J. 2005. From nipples and nationalists to full frontal in the new South Africa: An abridged history of pornography and censorship in the old and new South Africa. *Communicatio*, 31(2):198–210.

—. 2009. “Skimmespel van die waarsêers”: Politieke sensuur in Suid-Afrika, c. 1980–1989. ’n Historiese perspektief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 1:85–97.

Steyn, A. 2013. Dit is ’n wáre man ... *Intiem vir mans*, April/Mei, bl. 8.

Stibbe, A. 2004. Health and the social construction of masculinity in *Men’s Health* magazine. *Men and Masculinities*, 7(1):31–51.

Swart, W. 2007. Die groen en goud wink. *Huisgenoot*, 14 Junie, ble. 18–9.

Thornton, B., R.M. Ryckman en J.A. Gold. 2013. Competitive orientations and men’s acceptance of cosmetic surgery. *Psychology*, 4(12):950–5.

Van der Merwe, L. 2007. Die Evas van Chris. *Sarie*, Mei, ble. 60–2.

Van der Walt, M. 2007. South African men and their construction of masculinities in relation to women and homosexual men: A thematic analysis. Honneursskripsie, Universiteit van Kaapstad.

Van Eeden, J. en A. du Preez (reds.). 2005. *South African visual culture*. Pretoria: Van Schaik.

Van Merle, K. (red.). 2006. *Sex, gender, becoming: Post-apartheid reflections*. Pretoria: Pretoria University Law Press.

Van Rensburg, R. 2011. Blitsbokke se vonk. *Huisgenoot*, 9 Junie, ble. 125–6.

Van Wyk, J. 2013. Om vrou te soek op die kassie. *Landbouweekblad*, 10 Mei, bl. 65.

Van Wyk, M. 2013. “Ek wil die volgende president leer ballet doen!” *Sarie*, November, ble. 80–1.

Van Wyngaard, E. 2013. Op sy tone. *Kuier*, 19 Junie, ble. 12–3.

Van Zyl, A. 2019. Boer Damian op “Kwêla”: “Moeilik om te sien hoe kerk gays aanval”. <https://www.netwerk24.com/Netwerk24/boer-damian-op-kwela-moeilik-om-te-sien-hoe-kerk-gays-aanval-20191103-2> (1 Februarie 2024 geraadpleeg).

Viljoen, L. en S. Viljoen. 2005. Constructing femininity in *Huisgenoot*. In Van Eeden en Du Preez (reds.) 2005.

Viljoen, S. 2003. From Manet to GQ: A critical investigation of “gentlemen’s pornography”. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

—. 2006. The aspirational aesthetics of “gentlemen’s pornography”. In Van Merle (red.) 2006.

—. 2008. Masculine ideals in post-apartheid South Africa: The rise of men’s glossies. In Hadland, A. (red.) 2008.

—. 2009. From bedroom to boardroom: Corporate culture in two South African glossy men’s magazines. In Du Preez, (red.) 2009.

—. 2011. “Papa don’t preach”: Fatherhood in a South African Christian men’s magazine. *Communicatio*, 37(2):308–31.

—. 2012. Made, laid and paid: Photographic masculinities in a black men’s magazine. *Critical Arts*, 26(5):648–70.

—. 2014. “Like cock pheasants in the mating season”: Englishmen in Scope magazine, 26 August 1966. *Safundi: The Journal of South African and American Studies*, 15(203):255–81.

Visagie, A.G. 2004. Manlike subjektiwiteit in die Afrikaanse prosa vanaf 1980 tot 2000. PhD-proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Vollgraaff, R. 2015. Eskom has slashed R400bn off SA’s economy in last seven years. <http://www.biznews.com/undictated/2015/04/08/eskom-slashed-10-off-the-size-of-sas-economy-in-seven-years> (1 Junie 2023 geraadpleeg).

Whitehead, S.M. 2002. Introduction. *Men and masculinities: Key themes and new directions*. Cambridge: Polity Press.

Wiederman, M.W. en S.R. Hurst. 1998. Body size, physical attractiveness, and body image among young adult women: Relationships to sexual experience and sexual esteem. *The Journal of Sex Research*, 35(3):272–81.

Wiegman, R. 2002. Unmaking: Men and masculinity in feminist theory. In Gardiner (red.) 2002.

Williams-Pretorius, A. 2015. Mans ook net mens. *Kuier*, 17 Junie, bl. 69.

Eindnotas

¹ Hierdie artikel is 'n verwerking van die PhD-proefskrif van Susann Louw.

² Alhoewel enige individu as 'n man kan identifiseer, spesifiseer ek die gebruik van “man” soos verduidelik.

³ Die datums na elke tydskrif verwys na hulle stigtingsdatums.

⁴ Gegronde teorie sal in die afdeling oor navorsingsontwerp bespreek word, omdat ATLAS.ti (navorsingsinstrument) daarop gebaseer is.

⁵ Anderson definieer *homohysteria* as die vrees om as homoseksueel beskryf te word (Anderson 2009:7; O'Neill 2015:104). Die vertaling *homohisterie* sal voortaan gebruik word.

⁶ Bismarck du Plessis se lewe, in die besonder sy suksesvolle rugbyloopbaan, word in hierdie artikel aan die lesers voorgehou. “Die groen en goud wink” deur die *Huisgenoot*-redaksie van Junie 2007 sal voortaan nie na verwys word nie.

⁷ In die artikel word gezondheidstoestande en leefstylveranderinge wat in die besonder vir mans van belang is, bespreek. Dit verskaf statistiek oor gezondheidstoestande om 'n gesondheidsbewuste leefstyl te bevorder. Die artikel vertel van Tony Taylor as rolmodel wat 'n leefstylverandering ten bate van sy gesondheid gemaak het. “Pas jou op, man” deur Kim Arendse in *Huisgenoot* van Mei 2013 sal voortaan nie na verwys word nie.

⁸ *Modusse* verwys na 'n versameling van sosiaal en kultureel gevormde semiotiese bronne vir die doel van betekenisvorming (Mavers 2012), byvoorbeeld 'n kanaal van kommunikasie soos 'n geskrewe teks of visuele beeld.

⁹ Daar word 17 vereistes waaraan 'n “ware man” moet voldoen, aan die lesers voorgehou; 'n “ware man” moet byvoorbeeld ambisie hê, weet hoe om 'n vrou te behandel, en behoort nie oormatige juwele te dra nie. “Dit is 'n ware man ...” geskryf deur Annelize Steyn in *Intiem vir mans* van April/Mei 2013 sal voortaan nie na verwys word nie.

¹⁰ Die artikel lig die leser in oor die verskillende soorte mans en gee voorbeelde van belangstellings en gewoontes, byvoorbeeld die überseksuele man wat “koop met ’n plan” teenoor die metroseksuele man wat as ’n “modekenner” beskryf word. Verskillende bekende persoonlikhede, soos David Beckham en Arno Carstens, word as voorbeelde van metroseksuele manlikhede gegee. “Nuwe ‘superkêrel’: ’n man über alles” deur Lisa Reid in *Huisgenoot* van November 2005 sal voortaan nie na verwys word nie.

¹¹ Die artikel gaan oor die rol wat vroue in die sanger Chris Chameleon se lewe speel. Chameleon vertel van verskillende vroue sowel as mans wat hy hoog ag. “Die Evas van Chris” deur Lydia van der Merwe in *Sarie* van Mei 2005 sal voortaan nie na verwys word nie.

¹² Die groot aantal verwysings rakende mans se lengte is ’n logiese gevolg van die rubriekformaat, aangesien *Landbouweekblad* onder andere van die deelnemers verwag om hul lengte, gewig, haar- en oogkleur in hul briewe in te sluit. Die rubriek bestaan uit verskillende beskrywings – ingestuur deur mans en vroue – van hulle ideale maat sowel as hulle eie voorkeure wat betref stokperdjies en belangstellings.

¹³ Die artikel fokus op die suksesverhaal van die Hollywood-akteur Boris Kodjoe. Alhoewel sy suksesse gelys word, beklemtoon Kodjoe veral sy rol en verantwoordelikheid as vader en die belang daarvan. “Goed, beter, Boris” deur Amy Johnson in *Kuier* van 17 Junie 2015 sal voortaan nie na verwys word nie.

¹⁴ In die artikel vertel die skrywer die verhaal van ’n boer van Patensie wat as ’n stokperdjie pluuskêre vir sitrusboere herstel. Alhoewel dit as ’n stokperdjie begin het, het dit later ’n inkomste gegenereer en tot ’n suksesvolle besigheid gegroei. “Pluuskêre kry tweede lewe” deur Theuns Botha in *Landbouweekblad* van 22 Mei 2009 sal voortaan nie na verwys word nie.

¹⁵ Die artikel handel oor die sukses van Boer Human jr. as kenner van biologiese boerderymetodes sowel as die voor- en nadele daarvan. Dit verskaf inligting oor Boer Human jr. se sukses met presisieboerdery. “Boer nader aan die natuur” deur Lucille Botha in *Landbouweekblad* van 14 Desember 2007 sal voortaan nie na verwys word nie.

¹⁶ In hierdie kortverhaal deel Dana Snyman van sy jeugherinneringe aan rugbyspeel vir sy hoërskool se vierde span, byvoorbeeld die busrit na wegwedstryde en die biologie-onderwyser, ou Bees, wat hulle afgerig het. Hy sluit die verhaal af deur hulle eenvoudige strategieë en selfs “slegte” oomblikke te deel, byvoorbeeld dat hy as haker nooit die lynstaantekens verstaan het nie. Ten minste het hulle steeds elke wedstryd en oefening geniet. “Só speel jy ’n wegwedstryd” deur Dana Snyman in *Weg!* van November 2005 sal voortaan nie na verwys word nie.

¹⁷ Die “G’n boerebedrieër!”-artikel bespreek Eon van Aarde se ervaring as deelnemer in die *Boer soek ’n vrou*-televisieprogram. “G’n boerebedrieër!” deur Jaco Hough-Coetzee in *Huisgenoot* van 8 Desember 2011 sal voortaan nie na verwys word nie.

¹⁸ Die fokus van hierdie artikel is Cecil Afrika, die nuwe ster van Suid-Afrikaanse sowel as internasionale sewesrugby. Die artikel verskaf agtergrond oor sy kinderlewe, familie, mederugbyspelers en hoe hy sy toekoms sien. “Blitsbokke se vonk” deur Richard van Rensburg in *Huisgenoot* van 9 Junie 2011 sal voortaan nie na verwys word nie.

¹⁹ In die artikel gee die skrywer advies aan getroude mans wat druk ervaar om hulle vrou en gesin finansiële te ondersteun. Die advies word teen die agtergrond van 'n besigheidsomgewing aan die lesers oorgedra. “Wees die CEO van jou huwelik” deur Timothy Kieswetter in *Intiem vir mans* van April/Mei 2013 sal voortaan nie na verwys word nie.

²⁰ Die spreker in die artikel werp 'n kritiese lig op die televisieprogram en realiteitsreeks *Boer soek 'n vrou*. Die artikel vergelyk 'n boer se daaglikse omstandighede van 'n lewensmaat soek en boerdery met dié van die omstandighede in die *Boer soek 'n vrou*-televisieprogram. “Om vrou te soek op die kassie” deur Jan Taljaard in *Landbouweekblad* van 9 Desember 2011 sal voortaan nie na verwys word nie.

²¹ Hierdie artikel vorm deel van 'n reeks van vier artikels waarin *Intiem vir mans* vir “Christen-mans vertel wat [hulle] oor seks behoort te weet”, byvoorbeeld eienskappe van beide die vroulike en manlike geslagsorgane en hoe hierdie kennis tot 'n beter seksuele verhouding kan lei. “Hoe om 'n man te wees ...” deur die *Intiem vir mans*-redaksie van *Intiem* van April/Mei 2009, sal voortaan nie na verwys word nie.

²² Die artikel dra die voor- en nadele van 'n vasektomie oor, sodat lewensmaats 'n ingeligte besluit oor hulle gekose manier van voorbehoeding kan maak. “Vasektomie Ja of nee?” deur Wilme Steenekamp in *Intiem vir mans* van April/Mei 2013 sal voortaan nie verwys word nie.

²³ Die artikel fokus op Bradley Zeelie se dansloopbaan en die uitdagings wat hy oorkom het om sukses te behaal, byvoorbeeld beledigende opmerkings van die samelewing en sy ouers se afwesigheid in sy dansloopbaan. “Op sy tone” deur Ernusta van Wyngaard in *Kuier* van 19 Junie 2013 sal voortaan nie na verwys word nie.

²⁴ Die artikel vertel van Dirk Badenhorst wat hoof van die Kaapstadse Internasionale Ballet-kompetisie en Joburg Ballet is. Die artikel is gestruktureer aan die hand van vrae aan Badenhorst oor sy agtergrond en ervaring in die balletbedryf, byvoorbeeld: “Glo jy die stigma is besig om te verdwyn dat ballet 'n elitistiese kunsvorm net vir wit mense is?” “Ek wil die volgende president leer ballet doen!” deur Marguerite van Wyk in *Sarie* van November 2013 sal voortaan nie na verwys word in hierdie artikel nie.

²⁵ In die artikel word daar vertel van die Olimpiese swemkampioen Ryk Neethling se besigheidsloopbaan, dag-tot-dag-roetine, leefstyl en sy nuwe woning in die Val de Vie-pololandgoed. “Mnr Speedo tot Mnr Spiekeries” deur Nici de Wet in *Huisgenoot* van 8 Desember 2011 sal voortaan nie na verwys word nie.

²⁶ Die artikel vertel van die jaarlikse Harley Davidson-saamtrek wat oor drie dae in Prins Albert plaasvind. Die verskillende aktiwiteite, Harley-boetiek en konserte wat met so 'n saamtrek gepaard gaan, word in chronologiese volgorde beskryf. Die skrywers Dana Snyman en Ruvan Boshoff vertel van verskillende waarnemings, mense wat hulle daar ontmoet en die gedrag wat met 'n Harley-ryer geassosieer word. “'n Droom van chroom” deur Dana Snyman en Ruvan Boshoff in *Weg!* van November 2005 sal voortaan nie na verwys word nie.

²⁷ Die kortverhaal begin met Dana Snyman wat by 'n gesin en woonwa langs die pad tussen Kimberley en Hopetown stop. Hy ontmoet vir Louwtjie Enslin en sy gesin. Enslin en sy gesin het alles verloor – “kar, pool-tafel en werk” – en ryloop nou van dorp tot dorp tot in Port Elizabeth met die hoop op 'n werk by Goodyear. “Ryloop met 'n woonwa” deur Dana Snyman in *Weg!* van Mei 2005 sal voortaan nie na verwys word nie.

²⁸ Hierdie artikel is deur die *Sarie*-span geskryf as 'n adviesartikel na aanleiding van 'n *Sarie*-leser se brief. Die leser vertel van haar man wat sy werk verloor het en die mate waartoe sy beroepstatusverandering hulle huwelik, gesinslewe en sy persoonlikheid beïnvloed het. Die artikel is gebaseer op twee sielkundiges se professionele advies. “Ek verdien meer as my man” deur die *Sarie*-span in *Sarie* van November 2013 sal voortaan nie na verwys word nie.

²⁹ Die artikel gee advies aan mans wat in moeilike posisies geplaas word as gevolg van uitdagings of bekommernisse in hulle lewe. Moeilike tye verwys byvoorbeeld na siekte, versoekings van ander vroue of die bekommernis van mans wat nie finansieel vir hulle gesin kan sorg nie. Dit gee advies aan mans in sulke situasies. “Mans ook net mens” deur Andeline Williams-Pretorius in *Kuier* van 17 Junie 2015 sal voortaan nie na verwys word nie.

³⁰ Die advertensie-artikel hou Samsung-kombuistoestelle as die beste keuse voor deur Samsung as die beroemde sjef Reuben Riffel se keuse voor te hou. Die advertensie “Samsung” in *Sarie* van November 2013 sal voortaan nie na verwys word nie.